## Solidariteit Helpende Hand

# Ons Gemeenskapsherstelplan

Maatskaplik gebaseerde gemeenskapsontwikkeling

## *met* HART, *in* KRAG, *tot* HOOP

Uitgawe 1

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

## Voorwoord

Die koms van die Covid-19-pandemie het die toekoms van Suid-Afrika versnel. Die beste beskrywing is dat daar tegelyk 'n versnellende verval, maar ook 'n versnellende opbouproses gaan wees. Die staat het homself ernstig verswak met die lang en harde inperking, en daar is net nie meer die geld om 'n groot, duur, korrupte en ondoeltreffende staat te bedryf nie. Vooraanstaande ekonome het reeds bereken dat die land 'n fiskale "afgrond" bereik het. Dit is 'n situasie waar die staat se uitgawes net aan welsyn, salarisse en rente op staatskuld die hele begroting opgebruik. Soos Margaret Thatcher gesê het, sosialisme kan net hou so lank as wat ander mense se geld hou. Daardie geld is nou op. Daarom kan die staatsgedrewe instellings net verder en vinniger verval, want daar is bloot nie meer die bronne om dit kunsmatig aan die gang te hou nie. Die regering kon die land nie behoorlik regeer voor die inperking nie, nie daartydens nie, en daar is geen geloofwaardige aanduidings dat hulle dit na die inperking sal kan regeer nie.

## Risiko-fiks

Aan die positiewe kant word die private en gemeenskapsektore nou reeds jare lank gedwing om op hulle eie bene te staan, onafhanklik van die staat. Daarby het hierdie sektore geleer om ook staatsbestand en selfstandig te raak, en het hulle al sterker en "risiko-fiks" geword. Hulle moes gaandeweg al meer staatsfunksies oorneem omdat die staat dit net nie meer wou of kon doen nie. Die inperking het die onderskeie sektore se sterk- en swakpunte duidelik uitgewys. Die bevolking moes geskok toekyk hoe die regering die bestuur van die pandemie en die inperking verbrou. Daarteenoor het die privaat sektor en die grootste deel van die gemeenskapsektor goed presteer. Kruidenierswinkels se verskaffingskettings het nie gebreek nie en die landbousektor het bly kos voorsien aan 'n bekommerde bevolking.

Die regering het nie net swak presteer nie; hulle het selfs probeer om die private en gemeenskapsektore te dwarsboom. Groot dele van die privaat sektor wat gesond kon bly werk, is deur drakoniese regulasies verhoed om dit te doen, terwyl die staat selfs in die ramptyd hulp op grond van ras toegeken het. Gemeenskapsorganisasies moes herhaaldelik die howe nader vir die mees basiese regte, soos om te keer dat die staat kosverspreiding sentraliseer en onder staatsgesag plaas.

# Solidariteit Helpende Hand

Die Solidariteit Beweging het die Covid-19-krisis sterk binnegegaan, sterk daarin presteer, en het sterker anderkant uitgekom. Solidariteit Helpende Hand in die besonder was tydens die krisis aan die voorpunt en het 'n leidende rol gespeel om die nood van duisende mense en instellings te verlig. Die loodsing van die Beweging se Krisisfonds het 'n reuserol in hierdie tyd gespeel, en die personeel en vrywilligers het in baie moeilike omstandighede 'n bo-menslike taak verrig om praktiese hoop aan mense te gee.

Die vertroue wat daardeur geskep is, het daartoe gelei dat Solidariteit Helpende Hand se ondersteunerstal vir die eerste keer die mylpaal van 40 000 mense bereik het. Daarmee saam het SHH se skeppende projek om landswyd winkels op te rig 'n nuwe bron van inkomste ontsluit. Terselfdertyd gee dit aan duisende mense toegang tot bekostigbare klere. Die inkomste wat daaruit verdien word, stel die organisasie se strukture in staat om meer selfonderhoudend te wees in hulle omgewings, terwyl dit bydra tot die volhoubaarheid van dienste.

Hoewel Solidariteit Helpende Hand se fokus tydens die krisis op die verligting van armoede was, skuif dit ná die Covid-19-krisis na opheffing deur maatskaplikgebaseerde gemeenskaps-ontwikkeling. Die strategie was nog altyd om nie net mense se armoede meer draaglik te maak nie, maar om dit te probeer voorkom en waar nodig te verbreek. Die beste helpende hand was nog altyd die een aan die einde van 'n mens se eie arm. Daarom is die doel om mense te help om hulself te help. Hierdie strategie word ook uitgebeeld in die Helpende Hand se embleem: dis nie 'n bedelhand nie, en ook nie 'n gebalde vuis nie. Dis 'n helpende hand, eerstens gerig op kwesbare groepe soos ouer mense, kinders en mense met gestremdhede. Tweedens is die klem op volhoubare voorkoming en verbreking van maatskaplike problematiek, waar opleiding 'n belangrike rol speel. Mense se vlakke van opleiding bepaal hulle vlakke van inkomste, en daarom bly opleiding en opvoeding die beste belegging wat daar is. Dit is die kragtigste enjin van voorspoed, en vorm deel van 'n omvattende maatskaplike ontwikkelingstrategie.

## Toerus vir roeping

Afrikaners is 'n minderheid, en 'n voorwaarde vir die volhoubare voortbestaan van ons as 'n gemeenskap is dat elke persoon gehelp moet word om sy of haar volle vermoë te verwesenlik. Mense moet nie net vir hul beroepe voorberei word nie, maar moet toegerus word vir hul roepings. Dan is mense gerat en gereed vir hul loopbaan, en nie net vir hul werk nie. In die praktyk kom dit neer op 'n omvattende werksmag-ontwikkelingsprogram, omdat "werksyn" meer volhoubaar is as welsyn.

Die Solidariteit Beweging se strewe na 'n vry, veilige en voorspoedige toekoms word verwerklik deur die bou van sterk selfhelp-instellings op elke gebied, waardeur gemeenskappe in staat gestel word om vir hulself te sorg. Dit vorm die kulturele infrastruktuur wat ons in staat sal stel om volhoubaar in Afrika te bly, en sodoende 'n blywende bydrae tot die land en al sy mense te kan lewer.

Ons bely in hierdie tyd ons afhanklikheid van ons hemelse Vader, en gee aan Hom alle eer vir al sy sorg en seëning. Ons dra ook vir Hannes Noëth en sy span roepingsbewuste personeel en vrywilligers aan Hom op. Mag hulle die krag, wysheid en genade ontvang om hul Christelike naasteliefde aan hulle medemens te betoon. Die Solidariteit Beweging is dankbaar vir die toegewyde en bekwame span van Helpende Hand, en sien uit na nog 'n suksesvolle hoofstuk van "selfhelp helpmekaar".

*Flip Buys*

*Voorsitter*

# Inhoudsopgawe

Voorwoord ... 1
1. Inleiding ... 6
2. VISIE van Solidariteit Helpende Hand ... 8
3. MISSIE van Solidariteit Helpende Hand ... 8
4. Uitgangspunte van Ons Gemeenskapsherstelplan ... 9
5. Christelike uitgangspunt tot maatskaplike werk ... 17
6. Gemeenskapsontwikkeling-afdeling ... 18
6.1 Maatskaplike Dienste ... 19
6.1.1 Gemeenskapsgebaseerde ontwikkeling ... 20
6.1.2 Ontwikkelingsplan ... 20
6.1.3 Ontwikkeling van maatskaplike ondersteuningsprogramme ... 22
6.1.4 Netwerkvorming en opbou van netwerkvennote ... 23
6.1.5 Ons Sentrum, Pretoria-Noord – Terapeutiese dienste ... 24
6.1.6 Bemagtig-'n-Kind-fonds ... 24
6.1.7 Solidariteit Helpende Hand se maatskaplike dienskantoor ... 25
6.1.8 Gemeenskapstrukture (streke en takke) ... 25
6.1.9 Solidariteit Helpende Hand-vrywilligers ... 27
7. Ankergemeenskappe ... 27
7.1 Ankergemeenskapstrategie ... 28
8. Navorsing ... 30
9. Kommunikasie-afdeling ... 31
9.1 Ons Projekte ... 32
Projekte vir kleuters of skoolgaande leerlinge: ... 35
9.1.1 Stophonger-veldtog en kosblikkie-projek: ... 33
9.1.2 Die HelpJag projek: ... 34
9.1.3 Die Skooltassie-projek: ... 35
Projekte vir ouer persone: ... 35
9.1.4 Die SKYN-projek ... 35
9.1.5 Senior Mind Moves ... 36
9.1.6 Die HelpHoor-projek ... 36

9.1.7 Katarakchirurgie ... 37
9.1.8 Die Breinaald-projek ... 37
Projekte vir vroue: ... 38
9.1.9 FroueVonds ... 38
9.1.10 Die Susanna Smit Studiefonds ... 38
9.1.11 Samewerkingsooreenkomste en kommersiële been ... 38
9.1.12 Die #HelpHetta-projek ... 39
9.1.13 Die Droomrokke-projek ... 40
Projekte vir persone met gestremdhede ... 40
9.2 Helpende Kerke ... 41
9.3 Internasionale skakeling ... 41
10. Die Studiefondssentrum-afdeling ... 42
10.1 Die SFS se Gemeenskapsherstelplan: 'n Tienpuntplan vir 'n tienjaarplan ... 44
11. Ons Winkels ... 47
12. Finansiële afdeling ... 48
13. Solidariteit ... 49
14. Samevatting ... 51
100-punt-Gemeenskapsherstelplan ... 52

# 1. Inleiding

Van dr. J.D Kestell, vader van die Reddingsdaadbond en van die begin af 'n inisieerder, ondersteuner en uitbouer van die gedagte van HELPMEKAAR, is gesê: "Hy het in die **toekoms** gelewe!"

Dr. Kestell self het geskryf:

*"Ek moet jaag na wat voorlê."*

Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, sê heel tereg Covid-19 het die toekoms versnel – 'n versnelde **verval** en 'n versnellende **opbou.** Is ons deel van die versnelde verval of gaan ons deel wees van die versnelde opbou? Dit is die vraag wat ons hier moet beantwoord. In die woorde van dr. Kestell: "Ons moet jaag na wat voorlê!" Jaag ons na verval of na opbou? Solidariteit Helpende Hand is van die begin af gebou op die beginsels van help mekaar, naamlik:

SAAMWERK, HELPMEKAAR, REDMEKAAR.

Pas het Solidariteit op 8 Oktober 2020 sy Werk**herstel**program bekend gemaak: Ons SAL self (SAAMWERK). Daarom is dit vanselfsprekend dat Solidariteit Helpende Hand moet volg met 'n Gemeenskapsherstelplan: Ons HELP mekaar (Helpmekaar).

En deur die **WERK**herstelprogram en die **GEMEENSKAPsherstelplan red** ons mekaar, want dr. Kestell het geskryf: "Ons moet onsself red." Niemand anders gaan nie. Hy het daardie jare reeds bygevoeg: "As ons mekaar nie help nie, gaan ons ten gronde gaan!"

Versnelde verval of versnellende opbou? Mekaar red of saam ten gronde gaan?

Kestell het sy veldtog vir die Reddingsdaadbond begin met die woorde (17 Februarie 1938): "Hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees ... Net een woord klink op in die lug – HELP MEKAAR!" Nie 'n helpmekaar-vereniging nie, nie net sekere seksies van ons mense nie – elkeen moet voel dat dit bloed is wat roep in ons; dat dit 'n drang is wat onweerstaanbaar is in ons. Dit moet ons almal aangryp – help mekaar.

Dit is met hierdie gesindheid wat Solidariteit Helpende Hand vandag ons **Gemeenskaps-herstelplan** bekend maak.

Ons wil deel wees van die versnellende opbou. Ons **wil** die uitdagings trotseer. Ons sal self. **Vir mekaar.**

Ons gemeenskappe het 'n herstelplan nodig – vir ons kwesbare groepe; vir die Covid-19-gekneusdes; vir die onsekerheid en die angs wat daar mag wees. Elkeen van ons afdelings verbind ons om by te dra tot strukture wat self 'n verskil maak, wat nie wag vir die staat nie, wat weet dit is 'n uitdaging, maar ons moet iewers begin. Ons wil.

## Ons het reeds:

Die afgelope maande het Helpende Hand soos duisende ander organisasies die gemeenskap help dra.

- Dit sien ons in R18.6 miljoen rand se voedsel wat versprei is.
- Dit sien ons in 2 064 instansies wat ondersteun is.
- Dit sien ons in R2 miljoen wat vir onderwysontwikkeling bygedra is.
- Dit sien ons in 32 ton wildsvleis wat verdeel is.

Maar ons sien dit ook groter en sterker in R30 miljoen wat in dieselfde tyd aan studentelenings bestee is. Ons sien dit in maatskaplike werkers wat ontplooi word. Ons sien dit in strukture wat ontwikkel word met die oog op ’n help-mekaar-toekoms, WANT volhoubaarheid is wesenlik as ons saam vorentoe dink!

Die verdeling van kos was ’n noodsaaklikheid en dit is steeds, maar daar is ook ander gemeenskapsbehoeftes wat moes aandag kry en steeds moet aandag kry en in die toekoms teen ŉ versnelde tempo sal moet aandag kry. Daarom deel ons vandag ons 100-punt-plan. Ons noem dit:

ONS GEMEENSKAPSHERSTELPLAN.

Dit is nie Helpende Hand se plan nie, dit is die gemeenskap s’n, vir self. Vir help mekaar. Kragtig, sterk en nodig. Versnel, want ons wil die toekoms self help bou. Ons kan nie wag nie. Ons gaan ook nie.

Ons het reeds geploeg en gearbei. Ons gaan daarmee voort.

SAAMWERK, HELPMEKAAR, REDMEKAAR.

Ons reik ons hand uit na ons Solidariteit Beweging, ons reik ons hand uit na ons vakbondlede, ons reik ons hand uit na ons ondersteuners daarbuite, ons reik ons hand uit na ons gemeenskappe, na ons kwesbare groepe, na ons moedeloses en ons weerloses.

Ons betree ’n volgende hoofstuk in HELPMEKAAR.

Selfhelp Helpmekaar! ’n Solidariteit Helpende Hand-selfhelp-Gemeenskapsherstelplan.

Ons versnelde agenda. Ons versnelde drome. Ons versnelde doelwitte.

ŉ Gemeenskap wat self werk en bydra en offer tot herstel.

In hart, met krag, tot hoop!

*Hannes Noëth*

*Uitvoerende Direkteur van Solidariteit Helpende Hand*

## 2. Visie van Solidariteit Helpende Hand

Solidariteit Helpende Hand wil deur maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling die selfontwikkeling van die mens in sy gemeenskap, en die ontwikkeling van die gemeenskap as geheel, bevorder.

## 3. Missie van Solidariteit Helpende Hand

Om maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling in gemeenskappe te bevorder deur volhoubare ontwikkelingsprogramme en -projekte, opleiding, netwerkvorming en hulpbron-ontginning, sodat die mens deur sy gemeenskap tot 'n ontwikkelde, selfstandige, selfverantwoordelike en optimale funksionerende persoon gedryf word, wat gesonde, funksionerende gemeenskappe tot gevolg het. Die uitkoms moet 'n toekoms wees waarin die Afrikaner-kultuurgemeenskap en die Afrikaanse taalgemeenskap, vry, veilig en voorspoedig kan wees.

# 4. Uitgangspunte van Ons Gemeenskapsherstelplan

## 4.1. Kern-elemente van Ons Gemeenskapsherstelplan

Ons Gemeenskapsherstelplan word op die volgende kern-elemente van gemeenskaps-ontwikkeling geskoei:

- Maatskaplike ondersteuning aan die individu en gemeenskap
- Vir die gemeenskap, deur die gemeenskap
- Fokus op die ontwikkeling/opheffing/opleiding van gemeenskapslede

Bogenoemde elemente word vlugtig bespreek:

### 4.1.1. Maatskaplike ondersteuning aan die individu en gemeenskap

Die fokusareas van die onderskeie instellings van die Solidariteit Beweging verskil en elke instelling fokus op sy eie unieke terrein. Elke terrein kan kortliks soos volg beskryf word: Solidariteit skep 'n tuiste vir die Afrikaner binne sy werksomgewing, AfriForum fokus hoofsaaklik op gemeenskapsveiligheid en plaaslike munisipale dienste, en Solidariteit Helpende Hand se fokus is maatskaplike ondersteuning en ontwikkeling van Afrikaner-gemeenskappe.

Helpende Hand fokus dus op die hart van die individu en gemeenskappe en vra die volgende vraag: "Hoe gaan dit met die Afrikaner-individu en -gemeenskap se gemoed, sieninge en denke?" Helpende Hand dryf dus die individu en gemeenskappe om hul ego-kragte en wilsbeweging (die eie wil om verandering/beweging teweeg te bring) tot aksie te laat oorgaan, sodat hulle hul volle potensiaal as individue binne 'n gemeenskap kan bereik.

Solidariteit Helpende Hand se maatskaplike afdeling neem veral die verantwoordelikheid om gefokusde programme vir projekte te ontwikkel, waardeur maatskaplike ondersteuning deur streke aan individue en spesifiek aan Solidariteit-lede, asook aan gemeenskappe en spesifiek die ankergemeenskappe gelewer word. Programme sluit fisiese, sosio-emosionele, kulturele en geestelike ondersteuning in.

### 4.1.2. Vir die gemeenskap, deur die gemeenskap

Solidariteit Helpende Hand glo dat die individu nooit 'n losstaande entiteit is nie en dat gemeenskapsgeborgenheid noodsaaklik is. Dit is egter nie noodwendig vir 'n gemeenskap moontlik om op alle vlakke geborgenheid te ervaar nie, en daarom bied SHH fisiese, sosio-

emosionele, kulturele en geestelike ondersteuning **aan die gemeenskap deur die gemeenskap**, deur **maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling.**

Om 'n effektiewe diens aan gemeenskappe te kan bied en verwarring te voorkom, moet die terme "maatskaplike werk" en "gemeenskapsontwikkeling" duidelik verstaan word.

**Maatskaplike werk** kan soos volg beskryf word: *Dit is 'n akademiese vakgebied en praktykgebaseerde beroep wat op **individue, gesinne, groepe en gemeenskappe** fokus in 'n poging om **maatskaplike funksionering en algehele welstand** te bevorder. Sosiale funksionering omskryf die vermoë van 'n individu om hul sosiale rolle binne hulself, hul onmiddellike sosiale omgewing en die breë samelewing te verrig. Maatskaplike werk pas sosiale wetenskappe toe, soos sosiologie, sielkunde, politieke wetenskap, openbare gesondheid, gemeenskapsontwikkeling, die reg en ekonomie, om by **kliëntsisteme betrokke te raak, assesserings te doen en intervensies te ontwikkel om sosiale en persoonlike probleme op te los, en om sosiale verandering teweeg te bring**. Maatskaplikewerk-praktyk word dikwels verdeel in mikro-werk, wat direk met individue of kleingroepe werk, en makro-werk, wat die samewerking met gemeenskappe behels, en – **binne maatskaplike beleid** – om **verandering op groot skaal te bevorder.**[1]*

Maatskaplike werkers moet na afloop van hul studies by die Raad van Maatskaplike Werk registreer. Die Raad vereis van maatskaplike werkers om binne die beroep se etiese beginsels en waardes op te tree, waarvan die handhawing van vertroulikheid, die belangrikste beginsel is. Vertroulikheid behels dat die maatskaplike werker onder eed verklaar dat inligting van begunstigdes of kliënte as vertroulik hanteer sal word. 'n Verbreking hiervan kan daartoe lei dat die maatskaplike werker by die Raad aangekla word en selfs in sekere gevalle van die rol geskrap word.

**Gemeenskapsontwikkeling** is egter 'n breër term en word deur baie verskillende dissiplines as metode aangewend. *Gemeenskapsontwikkeling word oor die algemeen beskou as 'n proses wat ontwerp is om stabiele gemeenskappe te skep, wat in hulle eie ekonomiese- en sosiale behoeftes kan voorsien.*[2]

---

[1] *Francis J. Turner, 2005. Encyclopedia of Canadian Social Work. Wilfrid Laurier Univ. Press. pp. 219, 236.*

[2] Weyers, 2011. *The Theory and Practice of Community Work: A Southern African Perspective.* Keurkopie: Potchefstroom.




Omvattende gemeenskapsontwikkeling het verskillende fokuspunte, onder andere fisiese, maatskaplike, ekonomiese en staatkundige ontwikkeling. Al die aspekte waarop gemeenskapsontwikkeling fokus, is uiters belangrik en ewe belangrik vir die effektiewe ontwikkeling van die gemeenskap. Alhoewel maatskaplike werk net een aspek van gemeenskapsontwikkeling is, is dit van kardinale belang, net soos onderwys, watervoorsiening en elektrisiteitsvoorsiening. SHH as maatskaplike instelling fokus dus op 'n bepaalde element van gemeenskapsontwikkeling, terwyl ander instellings soos Solidariteit, AfriForum, Akademia en ander, en gemeenskapsinstellings soos skole en kerke op ander elemente fokus. Fasilitering van die gemeenskap is 'n kernrol van die groter funksie van maatskaplike werk, soos hieronder uitgewys word.

'n Omvattende beskrywing van gemeenskapsontwikkeling[3] is as volg, soos op Ons Gemeenskapsherstelplan van toepassing:

| Definisie | Implikasies van die definisie |
|---|---|
| *Gemeenskapsontwikkeling is die metode, proses, strategie en beweging waardeur…* | Gemeenskapsontwikkeling is nie lukrake gebeure nie, maar 'n proses waartydens 'n doel en doelwitte gestel word en waarvan die resultate gemeet word.<br>Beplande verandering deur spesifieke aksies, met verskeie rolspelers, word in 'n plan van aksie (program) opgestel. |
| *… agente vir verandering/ontwikkeling, met of sonder die hulp van eksterne sisteme, …* | Persone binne en/of buite die gemeenskap word agente vir verandering/ontwikkeling in die gemeenskap. Hierdie persone lewer insette en stel die gemeenskap aan hulpbronne bekend. |
| *… die tempo waarteen 'n gemeenskap ontwikkel, versnel.* | Volhoubare verandering moet in die gemeenskap teweeggebring word. Verandering moet teen so 'n tempo plaasvind dat die gemeenskap nie daarteen rebelleer of dat die veranderinge disintegrasie van die gemeenskap tot gevolg het nie. |
| *Dit gee rigting aan die ontwikkelingsproses ten einde doelstellings binne die ekonomiese, psigososiale, bio-fisiologiese, tegnologiese, spiritueel-kulturele, politieke, omgewings-, opvoedkundige en ander lewensfere te stel.* | Aktiwiteite het dus ten doel om voorafbepaalde, beplande verandering op een of meer terreine van die gemeenskapslewe bewustelik te bewerkstellig. |
| *Die doelwitbereikingsproses moet so koste-effektief, vaartbelyn en volhoubaar as moontlik wees.* | Optimale effektiwiteit en balans moet tussen insette en uitsette gelewer word. Die wilsbeweging van die individu/gemeenskap bepaal dus die effektiwiteit van die insette en uitsette. |

[3] Weyers, 2011. *The Theory and Practice of Community Work: a Southern African Perspective.* Keurkopie: Potchefstroom.

| | |
|---|---|
| | Die proses moet die gemeenskap tot 'n selfstandige en volhoubare gemeenskap lei. |
| *Dit moet ten doel hê dat menslike en omgewingshulpbronne optimaal benut word en bydra tot menslike groei, asook die ontsluiting van menslike potensiaal deur lede van die gemeenskap te bemagtig om verantwoordelikheid te neem vir hulself (tot wilsbeweging te bring), sowel as vir die ontwikkeling van die hele sisteem.* | Gemeenskapsontwikkeling het grootliks ten doel om die volgende te ontwikkel of tot ontwikkeling te stimuleer:<br>- leierskap;<br>- sterk gevoel van individuele en kollektiewe verantwoordelikheid, gemeenskapslojaliteit en identiteit;<br>- Gemeenskaplike deelname aan besluitnemingsprosesse en implementering;<br>- Samewerking, betrokkenheid en selfhelp;<br>Optimalisering van fisiese, sosio-emosionele, kulturele en geestelike welstand. - Samewerking, betrokkenheid en selfhelp;<br>- Optimalisering van fisiese, sosio-emosionele, kulturele en geestelike welstand. |

## Gemeenskapsontwikkelingprogramme

'n Gemeenskapsontwikkelingprogram kan omskryf word as 'n gestruktureerde en strategiese plan van aksie. Die programinhoud sluit die volgende in:

- 'n Oorsig van die organisasie se dienslewering, visie en missie;
- Doelwitte van die program
- Inhoud van die program
- Beskrywing van teikengroep
- Beskrywing van deelnemers aan die program
- Koste-beplanning (begroting) van die onderskeie projekte uit die program
- Projekplanne uit die program

Navorsing wêreldwyd het getoon dat lukrake projekte sonder behoorlike navorsing oor die behoeftes van die spesifieke gemeenskap, uiters onproduktief, niksseggend en 'n vermorsing van hulpbronne is.

Daadwerklike volhoubare gemeenskapsontwikkeling kan slegs realiseer indien die gemeenskappe volle vennote en drywers van die ontwikkelingsprosesse word en nie blote ontvangers of deelnemers bly nie.

Derhalwe moet gemeenskapsprojekte uit gemeenskapsontwikkelingprogramme vloei.

Projekte moet van so 'n aard beplan word, dat gemeenskapslede aktiewe deelnemers daarvan is. Die ontwerp moet insette van belanghebbers insluit, met 'n fokus op volhoubare ontwikkeling as die einddoel, in plaas van blote gemeenskapsdeelname.

Gemeenskapsontwikkelingsprogramme lei tot gemeenskapsbou wat lei tot die volgende versterking binne gemeenskappe:

• Verhoudings:
Verhoudings tussen organisasies, individuele rolspelers en instansies binne 'n bepaalde gemeenskap word uitgebou en versterk.

• Leierskap:
Nuwe leiers tree na vore binne 'n gemeenskap en bestaande leiers se leierskapvaardighede word verbeter.

• Vaardighede:
Vaardighede of sterktes van gemeenskapslede word ontwikkel of verbeter.

• Verbetering van lewensgehalte:
Verbetering in bepaalde areas waar die ontwikkelingsprogramme geïmplementeer word.

➢ Fokus op die ontwikkeling/opheffing/opleiding van gemeenskapslede

Solidariteit Helpende Hand is oortuig daarvan dat basiese opleiding en ontwikkeling aan individue binne hul gemeenskappe gebied moet word. Hierdie basiese maar kritiese opleiding en ontwikkeling is nodig om mense te bemagtig. Indien 'n persoon bemagtig of tot wilsbeweging gebring kan word, kan die persoon meer suksesvol begelei word om oplossings vir hul huidige uitdagende lewensituasies te vind. Ons is oortuig dat opleiding en ontwikkeling van die mens die belangrikste sleutel tot volhoubaarheid en selfstandigheid is. Dit is die wyse waarop gesonde gemeenskappe geskep word, waar gemeenskapslede met geleenthede en hoop toegerus kan word, waar selfversorging 'n werklikheid gemaak kan word en waar werksekerheid bevorder kan word.

## 4.2. Niewinsgewendeorganisasie (NWO) / Non-Profit Organisation (NPO)

'n Niewinsgewende organisasie (NWO) en 'n Nieregeringsorganisasie (NRO) is beide organisasies sonder 'n winsoogmerk wat aktiwiteite beoefen om die lyding van minderbevoorregte gemeenskappe te verminder. Solidariteit Helpende Hand is 'n geregistreerde Niewinsgewendeorganisasie (NWO). Die onderskeid tussen hiérdie organisasies is dat 'n NWO onafhanklik van die staat funksioneer en geen befondsing van die staat ontvang nie. 'n NRO funksioneer ook onafhanklik van die staat, maar kan befondsing in die vorm van subsidie van die staat ontvang. Daar word 'n formele kontrak tussen die betrokke NRO en die staat gesluit met bepaalde voorskrifte waaraan die NRO moet voldoen.

Volgens Lawry (2009) is daar vier tipes doelwitte van 'n NWO of NRO, naamlik 'n liefdadigheidsdoelwit, 'n diensdoelwit, 'n deelnemende doelwit en 'n bemagtigingsdoelwit.

'n Liefdadigheidsdoelwit is daarop gerig om in kwesbares se behoeftes te voorsien sonder dat die "begunstigdes" enige verantwoordelikheid dra. Die diensdoelwit dui op aktiwiteite soos die voorsiening van dienste waaraan die begunstigdes moet deelneem. Die deelnemende doelwit word gekenmerk deur selfhelpprojekte waar die begunstigde groep betrokke is by gemeenskapsontwikkelingsprojekte wat na afloop van 'n **behoeftebepaling** beplan en geïmplementeer word. Die bemagtigingsdoelwit fokus daarop om die gemeenskap te help om 'n beter begrip te hê van die maatskaplike, politieke en ekonomiese faktore wat hul lewens beïnvloed, en om die bewustheid te versterk dat hulle self hul lewens kan beheer. Deelname en betrokkenheid van die begunstigdes is onontbeerlik wanneer die bemagtigingsdoelwit nagestreef word met die NWO of NRO wat as fasiliteerders optree.[4]

## 4.3. Armoede (absolute en relatiewe)

**Absolute armoede** het betrekking op die aantal mense wat nie in staat is om in hul basiese behoeftes te voorsien nie weens 'n gebrek aan of 'n te lae inkomste. Die internasionale maatstaf is dat wanneer huishoudings minder as R21 per persoon per dag verdien, hulle in absolute armoede leef.

**Relatiewe armoede** is wanneer mense arm is in vergelyking met ander in die samelewing, bv. as hulle deel van die onderste 10% van inkomsteverdieners in die land is. Relatiewe armoede het betrekking op mense wat in staat is om in hul basiese behoeftes te voorsien word, maar wat in terme van hul sosiale omgewing steeds benadeel is.

Armoede in Afrikaner-gemeenskappe is dus dikwels relatief en moet met groot omsigtigheid en sensitiwiteit hanteer word, sonder om dit te bevorder. Ons vind dikwels dat dieselfde familie geslagte lank arm bly. Gemeenskappe bevind hulself ook in 'n armoedestrik omdat hulle nie geld het vir onderwys en gesondheidsorg nie, of om kapitaalgoedere aan te koop nie. Lande kan ook in 'n armoedestrik verval as gevolg van 'n gebrek aan kapitaal wat tot gevolg het dat fisiese infrastruktuur nie onderhou word nie en agteruitgaan. Om hierdie rede fokus SHH veral op selfhelp en selfdoen.

[4] Lawry, 2009. *Guide to Nongovernmental Organizations for the Military.*

## 4.4. Welstand

Daar word dikwels na die welstand van individue/gemeenskappe verwys. Die term "welstand" ("well-being") verwys na nege holistiese gesondheidsdimensies en kan soos volg uiteengesit word:




Dit is nie alleen van belang om na die welstand van die individu om te sien nie; die ekosisteme waarbinne die individu beweeg, moet ten alle tye ook aandag geniet, wat onder andere die gesin, huwelik, woon- en werksomgewing insluit. Die ekosisteem waarbinne die individu leef, moet gesond en stabiel wees, en verder moet dit vooruitgang bevorder en die ruimte skep waarbinne die individu sy volle potensiaal kan bereik.

## 4.5. Selfhelp

> *In uitdagende, moeilike omstandighede gebeur dit maklik dat mense oorgee of oorweldig voel en nie weet hoe om probleme te oorkom nie. Om hierdie rede is dit van belang dat maatskaplike hulp, in die woorde van Chalmers, "liberating the powers of selfhelp", veral van belang is. Mense in maatskaplike nood raak maklik afhanklik van ander mense. En verloor hulself as onafhanklike mense. Daarom moet ons fokus op eie innerlike kragte wat selfstandigheid bevorder. Afrikanervroue weet, as opvoeders van kinders, hoe belangrik selfstandigheidswording van hulle kinders is. En dra hierdie kennis in die opheffingsprogram van mede-Afrikaners na 1904 in.*
>
> *Rina Venter*

Die verhouding tussen die helper en die ontvanger moet van so 'n aard wees dat die potensiaal van die ontvanger ontsluit word om homself te kan help. Dit vereis bepaalde kundigheid en vaardighede, wat ten doel het dat die mens selfstandig en konstruktief beheer neem van sy/haar lewe en self besluite neem oor sy/haar lewe. Die motivering of wilsbeweging van die persoon is dus belangrik.

Selfhelp sluit verskeie elemente in, naamlik **begeleiding tot selfvertroue en insig ontwikkeling,** dus moet **kennis en vaardighede** ontwikkel word. Die hulpverlener tree slegs as **fasiliteerder** op en kan nie die persoon se probleme vir hom oplos of verander nie. Hierdie proses kan sterk **gevoelens** van onsekerheid, weerstand, angs en selfs woede of gevoelens van gebrek aan eie waarde en verontregting ontlok, wat hanteer moet word. In hierdie proses word **lewenswaardes** ook ingebed, binne 'n godsdiens- en kulturele raamwerk. Die einddoel van selfhelp is om **volhoubare nuwe gedragspatrone** by die individu te vestig.

## 5. Christelike uitgangspunt tot maatskaplike werk

In maatskaplike werk is daar verskillende uitgangspunte en benaderings wat gevolg kan word. Oor die algemeen het maatskaplike werk te make met die "sosiale" of die gemeenskaplike aspekte van die menslike lewe. In Suid-Afrika tans, word maatskaplike werk grootliks vanuit 'n sosialistiese, humanistiese raamwerk gedoen.

> *Tans oorheers 'n sosialistiese, gelykmakingsproses die samelewing, wat voorgestel word as 'n geldige maatstaf vir die herorganisering van die Suid-Afrikaanse staat. Wat nie net lei tot dramatiese insinking van die staat en gemeenskap nie, dit word voorgehou as 'n regverdige regstelling van die verlede. 'n Politieke proses word op alle mense afgedwing wat lei tot grootskaalse ondoeltreffende regering, maatskaplike nood en ongeregtigheid.*
>
> *Rina Venter*

Verder word daar oor die algemeen 'n individualistiese siening gevolg. Volgens hierdie siening bestaan die menslike samelewing uit 'n klomp losstaande individue wat op een of ander manier hulself as samelewing organiseer. Dit fokus op die beginsel van elkeen vir homself, en gun die ander ruimte om hulself te wees. Die benadering skep ruimte vir die weerloses, maar die verantwoordelikheid vir die bystaan van die weerloses word aan die maatskaplike weker oorgegee. Die weerlose individu moet homself uit die omstandighede help. Die oplossings is dikwels slegs op die individu gerig.

In teenstelling met bogenoemde siening fokus die sosialistiese of marxistiese siening weer net op die groep en die ewewig wat in die groep behou moet word. Daar word in die groep

verdeling van klasse gemaak, meestal tussen ryk en arm. Die sosialistiese maatskaplike werker se enigste instrument is die staat. Die staat word dus gebruik om wangedrag en ongelykheid onder lede van die samelewing reg te stel. Die basiese beginsel van neem geld (belasting) by die rykes en gebruik dit om te probeer om die ongelykheid van die weerloses reg te stel, word toegepas.

Solidariteit Helpende Hand begrond egter sy werksaamhede vanuit 'n **Christelike perspektief en beginsels**, waar die individu in sy gemeenskap herken word. Die balans tussen die individue en die groep is uiters belangrik. Christene verstaan dat die groep en die individu nie in stryd met mekaar is nie. Die uniekheid van elke mens word, volgens 'n godsbeeld, erken. Individue het hul eie naam, eie persoonlikheid, aard, ruimte, talente en gawes, wat nie in stryd met mekaar is nie. Die mens word eerstens geskep om 'n band met God te hê en tweedens met ander. Dus bestaan daar 'n begrip dat die mens geskep word om sy gawes aan te wend om ander (hul gemeenskap) te dien. Die siening beklemtoon die begrip dat die individue ook verantwoordelikheid moet neem om na mekaar om te sien, wat die gemeenskapsgedagte is.

Hierdie Christelike perspektief en beginsels waarop Solidariteit Helpende Hand begrond is, kan soos volg saamgevat word:

- Elke mens is uniek, geskape na God se beeld en word geroep in God se koninkryk.
- Hierdie roeping is nie individualisties of sosialisties nie, maar dui op 'n verbondenheid aan God en aan mekaar.
- Daarom is dit nodig dat elke individu, gemeenskap en gemeenskapsontwikkelingsplan die eer van God voorop stel.
- Om die eer van God voorop te stel, beteken dat almal binne hul vermoë en gawes maksimale potensiaal bereik.

'n Roepingsgedrewe personeellid, maatskaplike werker of streeksorganiseerder se rol is dus om die balans in die samelewing tussen die individu en die gemeenskap te fasiliteer, om optimale funksionering van die individu binne sy/haar unieke gemeenskap te bewerkstellig, sodat die individu en die gemeenskap 'n totale verbondsgemeenskap kan wees, tot eer van God, tot versterking van mekaar en tot doelgerigte gemeenskapsontwikkeling.


## 6. Gemeenskapsontwikkeling-afdeling

Solidariteit Helpende Hand se Gemeenskapsontwikkeling-afdeling bestaan tans uit die volgende: Streekstrukture-, Navorsing- en Maatskaplike Dienste-afdelings (insluitend Orania).

Die koronapandemie het Suid-Afrika oor die algemeen op maatskaplike gebied drasties verander. Solidariteit Helpende Hand het bewys dat die skep van strukture en maatskaplike

gemeenskapsontwikkeling en -opleiding die volhoubare wyse is waarop gemeenskappe in krisisse kan oorleef.

Met groot dankbaarheid en nederigheid kan Solidariteit Helpende Hand bekend maak dat hierdie organisasie die toets van die tyd deurstaan het. SHH het vanaf 4 April 2020 tot en met 4 Oktober R18.6 miljoen se voedselskenkings versprei en 2 064 organisasies/instansies en 22 508 gesinne bygestaan.




By Solidariteit Helpende Hand word krisisse daagliks hanteer en is krisisse nie vir ons nuut nie. Dit is dan juis uit 'n gemeenskapskrisis dat hierdie organisasie in 1949 gebore is. Die korona-pandemie bring ons egter voor 'n nuwe maatskaplike krisis te staan, en ons is genoodsaak om ons werksaamhede te versnel. By Solidariteit Helpende Hand sien ons hierdie versnelde werksaamhede egter nie as 'n krisis nie, maar as 'n geleentheid. Die krisis skep 'n geleentheid om werksaamhede te herevalueer, nuut te bedink en nog sterker na vore te beur. Dit skep nuwe geleenthede om ons fokusareas van ontwikkeling en bevordering van die Afrikaner-gemeenskappe aan te gryp en te versnel.

## 6.1. Maatskaplike Dienste

Vir die 16 maatskaplike werkers in die Maatskaplike Dienste-afdeling is werk en ekonomiese vooruitgang van die Afrikaner-gemeenskappe belangrik, maar die fisiese, sosio-emosionele, kulturele, en geestelike vooruitgang is prioriteit.

Met die Gemeenskapsherstelplan word daar veral op gemeenskapsgebaseerde ontwikkeling deur navorsing en die ontwikkeling van programme gefokus. Die doel is om Afrikaner-gemeenskappe toe te rus met inligting en kennis sodat individue en gemeenskappe deur eie wilsbeweging antwoorde op uitdagings vind.

### 6.1.1. Gemeenskapsgebaseerde ontwikkeling

Solidariteit Helpende Hand se gesag, volhoubaarheid, deursigtigheid en etiese norme en waardes het veral gedurende die grendeltydperk geweldige respek en vertroue by gemeenskappe ingeboesem. Hierdie sterkpunte van Helpende Hand kan dus 'n groot bydrae lewer om gemeenskappe vinniger aan boord te kry en te mobiliseer.

'n Gemeenskapsgebaseerde ontwikkelingsplan word daargestel om ons gemeenskappe te mobiliseer om ná die Covid-19-pandemie op verskeie vlakke te herstel. Om hierdie strategiese benadering tot uitvoering te bring, moet 'n volledige gemeenskapsanalise/gemeenskapstudie prioriteit geniet. Volhoubare gemeenskapsontwikkeling kan slegs realiseer indien die gemeenskapslede van meet af aan ten volle betrokke is in die proses. Daarom is die eerste area waarop gefokus word navorsing.

'n Navorsingstudie gaan geloods word om ons kennis oor die gemeenskappe te verdiep en om hul uiteenlopende behoeftes en uitdagings te bepaal. 'n Holistiese profiel van ons gemeenskappe sal verkry word sodat effektiewe oplossings vir maatskaplike kwessies in die gemeenskappe gevind kan word. 'n Belangrike deel van 'n gemeenskapstudie/ navorsingstudie is om ook die sterkpunte van die bepaalde gemeenskappe te bepaal. Deelnemende navorsing laat veral ruimte om die gemeenskappe vanaf die analise tot die ontwikkeling en die uitvoering van programme te betrek.

*'n Gemeenskapsgebaseerde ontwikkelingsplan word daargestel om ons gemeenskappe te mobiliseer om ná die Covid-19-pandemie op verskeie vlakke te herstel. Om bogenoemde doel te bereik, moet 'n volledige gemeenskap-analise/gemeenskapstudie prioriteit geniet.*

### 6.1.2. Ontwikkelingsplan

Solidariteit Helpende Hand se uiteindelike doelstelling is om deur intervensies en die vestiging van strukture hoop in gemeenskappe te vestig, sodat die Solidariteit Beweging se leuse, naamlik vry, veilig en voorspoedig, 'n realiteit kan wees.

Die 10-jaar-ontwikkelingsplan sluit die volgende sleutelareas in:

- Deurlopende navorsing en monitering en evaluering van programme
- Maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling
- Finansiële ontwikkeling / Entrepreneurskap en werkskepping
- Ekologiese ontwikkeling

Die volgende doelwitte word gestel om ons gemeenskappe se behoeftes aan te pak:

| | |
|---|---|
| Maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling | Doelwit 1:<br>Bevordering van gemeenskappe se potensiaal en sterkpunte, asook die ontwikkeling van waardigheid |
| | Doelwit 2:<br>Versterking van gemeenskappe deur middel van opleiding |
| | Doelwit 3:<br>Die bevordering van selfhelp, ontwikkeling van mense se potensiaal en self-verantwoordelikheid tot 'n selfstandige, optimale funksionerende persoon |

| | |
|---|---|
| Finansiële ontwikkeling / entrepreneurskap en werkskepping | Doelwit 1:<br>Om finansiële volhoubaarheid in gesinne te bevorder |
| | Doelwit 2:<br>Om entrepreneursdenke te ontwikkel. |
| | Doelwit 3:<br>Om werkskeppingsgeleenthede te bevorder deur opleiding en netwerkvennote te ontgin |

| | |
|---|---|
| Ekologiese ontwikkeling | Doelwit 1:<br>Verbetering van lewensgehalte |
| | Doelwit 2:<br>Opleiding en ontwikkeling van vaardighede |
| | Doelwit 3:<br>Bevordering van omgewing- en huishoudelike higiëne |

- *Die maatskaplike ontwikkelingsplan sluit die volgende sleutelareas in wat voortdurend uitgebrei sal word, soos die behoeftes van die gemeenskappe en deurlopende navorsing sal aantoon.*
  - *Maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling*
  - *Finansiële ontwikkeling / entrepreneurskap en werkskepping*
  - *Ekologiese ontwikkeling*
  - *Deurlopende monitering en evaluering van programme*

### 6.1.3. Ontwikkeling van maatskaplike ondersteuningsprogramme

Solidariteit Helpende Hand se maatskaplike werkers gaan na aanleiding van die behoeftes en uitdagings vanuit die navorsingstudie wat in gemeenskappe gedoen is, maatskaplike ondersteuningsprogramme ontwikkel. Die programontwikkeling het ten doel om mense te bemagtig; motiverende denkwyse te bevorder; en om vaardighede wat nodig is, te ontwikkel; en behoeftes/uitdagings aan te pak sodat die mense binne hul gemeenskappe kan floreer en gemeenskappe daardeur versterk kan word.

Deur die navorsingstudie sal die teikengroep vir die verskeie programme geïdentifiseer word. Die gemeenskapgerigte programme behels die deelname van die gemeenskapslede, verskillende ontwikkelingsgeleenthede en ook die monitering en evaluering van die uitkomste. Die streeks- maatskaplike werkers en Ons Sentrum se maatskaplike werkers sal hoofsaaklik getaak wees om hierdie programme te implementeer en/of ’n fasiliteringsrol te speel om Solidariteit Helpende Hand-taklede op te lei om die programme te implementeer en aan te bied. Programme sal ook duidelike uitkomste aandui, wat na afloop van implementering gemeet sal word, sodat daar bepaal kan word of die behoeftes/leemtes van die gemeenskap aangespreek is en/of verbeter het.

Die volgende maatskaplike ondersteuningsprogramme word in die vooruitsig gestel:

- Ouerskapleiding en verrykende ouerprogramme;
- Entrepreneurskap en ondernemingsopleiding en -ontwikkeling, veral van tuisbedrywe en klein besighede;
- Werkskepping, persoonlike en vaardigheidsontwikkeling of -versterkingsprogramme, veral deur intreevlakwerksopleiding daar te stel.
  Verskeie behoeftes sal hier aandag geniet, byvoorbeeld:
  - **Ons Werkswinkel**: Gemeenskapslede kry die geleentheid om vaardighede te ontwikkel soos om volwasse matriek te voltooi, opstel van CV’s, ontwikkeling van rekenaarvaardigheid, onderhoudgereedheid, tuisversorging, skoonmaakdienste, tuinmaak, naaldwerk, houtwerk, sweiswerk, voedselvoorbereiding, persoonlike higiëne en fisiese ontwikkeling. Samewerking met die breër Beweging sal hier van toepassing wees.

- **Ons Kombuis**: Om aan gemeenskapslede toegang tot kombuisfasiliteite te bied om klein besighede te begin en entrepreneurskap te bevorder.

- Finansiële geletterdheidsprogramme (begrotings, beplanning, spaar, SASSA, pensioen)
- Landbouvaardighede in samewerking met die boeregemeenskappe (plaaswerk, boerdery)
- Maatskaplike opheffings- en opleidingsprogramme (wetgewing, gesinsgeweld, kinderverwaarlosing, problematiese egskeidings, huwelikverrykingseminare, dwelm- en alkoholmisbruik, tienerswangerskappe)
- Opvoedkundige opleiding (gesonde voeding, kinderontwikkeling)
- Tienerprogramme (ontwikkelingsprogramme, kultureel, geloof, lewensvaardighede)
- Programme vir seuns wat nie vaderfiguur in hul lewens het nie (lewensvaardighede, ondersteuningsgroepe)
- Programme vir emosionele ondersteuning (berading en terapeutiese intervensies)
- Ontwikkelingsprogramme gemik op senior burgers en persone met gestremdhede (versorging, opleiding, verligting, gemeenskapsbetrokkenheid, ontspanningsprogramme)

*Die afdeling vir maatskaplike dienste gaan na aanleiding van die behoeftes en uitdagings wat uit die navorsingstudie verkry word, verskeie maatskaplike ondersteuningsprogramme ontwikkel.*

### 6.1.4. Netwerkvorming en opbou van netwerkvennote

Solidariteit Helpende Hand glo aan 'n saamwerkende benadering, deur die opbou van netwerkvennote, wat ten doel het om 'n netwerk van dienste te skep en te bevorder. In 'n tyd van hulpbronskaarste is netwerkverhoudings van die allergrootste belang. Organisasies moet saamspan met ander wat hul doelwitte en oogmerke deel. Die afdelings vir maatskaplike werkdienste en streekstrukture gaan die verskillende aspekte wat uitdagings in gemeenskappe skep, ook deur die bevordering en handhawing van strategiese vennootskappe aanpak.

Daar sal verder deur doeltreffende netwerkverhoudings met ander organisasies en instellings, asook die Solidariteit Beweging, bepaal word watter bestaande programme of dienste reeds beskikbaar is om sodoende onnodige duplisering te voorkom en om die gemeenskap op hierdie wyse effektief te bedien.

*Verhoudings met netwerkvennote, o.a. die Solidariteit Beweging, sal uitgebrei en versterk word, en so sal hulpbronne ook bekom word.*

### 6.1.5. Ons Sentrum, Pretoria-Noord – Terapeutiese dienste

Ons Sentrum is 'n multidissiplinêre terapiesentrum waar dienste soos spelterapie, arbeids- en spraakterapie aangebied word. Verder vat ons hande met opvoedkundige sielkundiges wat skoolgereedheidstoetse aanbied. Bekostigbare professionele en holistiese dienste word aan kinders in die gemeenskap gebied wat dit nie elders sou kan bekostig nie.

Die volgende beplanning word vir Ons Sentrum in die vooruitsigte geplaas:

- Verskeie maatskaplike ondersteuningsprogramme sal vir ouers, onderwysers en gemeenskapslede aangebied word.
- Ondersteuning sal aan omliggende skole gebied word om maatskaplike kwessies sinvol aan te spreek.
- Sosio-emosionele assessering en terapie aan kinders sal gelewer word.

*Professionele dienste van Ons Sentrum sal uitgebrei word om bekostigbare terapeutiese dienste aan kinders in die gemeenskappe te gebied, wat dit nie elders sou kan bekostig nie.*

### 6.1.6. Bemagtig-'n-Kind-fonds

Solidariteit Helpende Hand glo dat opheffing deur opleiding die enigste pad uit maatskaplike nood is. Die doel van die Bemagtig-'n-kind-fonds is om geleenthede vir behoeftige kinders moontlik te maak en daardeur kinders uit armoede en swak maatskaplike omstandighede op te hef, sodat hulle hul volle vermoë kan verwesenlik, ten spyte van hul omstandighede. Die gesin volg 'n assesseringsproses voordat fondse toegestaan word. Die noodsaak van assessering is om te verseker dat daar nie afhanklikheid geskep word by die gesin nie. Daar word ondersteuning vir 'n wye spektrum van behoeftes gebied, byvoorbeeld, koshuisgelde, vervoer na skool, remediërende onderrig, terapie ens. Die fonds betaal egter nie skoolfonds nie aangesien die departement van basiese onderwys voorsiening maak vir die kwytskelding van skoolfonds.

*Die Bemagtig-'n-kind-fonds sal aangewend word om behoeftige kinders op 'n volhoubare manier te ondersteun en te bemagtig sodat hulle hul volle vermoë kan verwesenlik ten spyte van hul omstandighede.*

### 6.1.7. Solidariteit Helpende Hand se maatskaplike dienskantoor

Solidariteit Helpende Hand beskik oor 'n dienskantoor wat gewoonlik die eerste kontak is vir mense wat enige navraag vir Solidariteit Helpende Hand het. Die dienskantoor word deur 'n maatskaplike werker beman wat daagliks al die navrae hanteer en na die onderskeie afdelings verwys vir verdere hantering.

Maatskaplike navrae word direk deur die dienskantoor hanteer en mense word van raad en leiding voorsien. In die geval van voedselhulp of ander behoeftes word daar vanuit die dienskantoor 'n assesseringsvorm uitgestuur na die mense in nood. Sodra al die dokumentasie terugontvang is, word dit na die onderskeie maatskaplike werkers in die streke verwys vir verdere hantering.

Die dienskantoor het ten doel om enige navraag so vinnig en doeltreffend as moontlik te hanteer. In gevalle waar Helpende Hand nié enige bystand kan bied nie, word die mense voorsien van kontakbesonderhede van alternatiewe hulpbronne en aanbevelings om die situasie te hanteer. Die kontakbesonderhede van alternatiewe hulpbronne word deurlopend aangevul om doeltreffende diens aan persone te bied.

Die e-posadres is soos volg: diens@helpendehand.co.za.

*Die maatskaplike dienskantoor lewer vinnige en doeltreffende diens om gemeenskapslede per e-pos van raad en leiding te bedien.*

### 6.1.8.Gemeenskapstrukture (streke en takke)

Die Gemeenskapstrukture-afdeling bestaan tans uit 11 streke met 14 streeksorganiseerders wat in nege provinsies gestasioneer is, 186 takke en/of dorpsverteenwoordigers, asook drie gemeenskapsentrums, naamlik Ons Plek 1: Strand; Ons Plek 2: Derdepoort; en Ons Plek 3: Volksrust, en twee mediese ondersteuningsprojekte, Ons Spreekkamer: Witbank en Ons Spreekkamer: Bloemfontein. Die drie gemeenskapsentrums is gestig om veilige kleuter- en/of naskoolversorging in die onderskeie gemeenskappe beskikbaar te stel . Tans akkommodeer die gemeenskapsentrums 132 kinders tesame, terwyl die sentrum in die Strand 14 kleuters en die sentrum in Volksrust 21 kleuters in die kleuterskool het.

Die doel van hierdie afdeling is om gemeenskapsgebaseerde ontwikkeling te bevorder, deur die vier vlakke binne die Solidariteit Helpende Hand-struktuur, naamlik hoofkantoor, streke, takke en nasionaal, in samewerking met die maatskaplike afdeling. Vir Solidariteit Helpende Hand is dit van groot belang om hierdie strukture te gebruik om die organisasie se gemeenskaplike doel aan te spreek en op alle vlakke uit te voer. Die organisasie se gemeenskaplike doel is om deur maatskaplike gemeenskapsgebaseerde ontwikkeling op die fisiese, sosio-emosionele, kulturele en geestelike ondersteuning van kinders, gesinne, gestremdes en ouer persone te fokus, en ons sal hierdie fokus behou.

Verder het hierdie afdeling ook ten doel om vrywilligers en personeel so te rig dat die gesamentlike doelwitte nagestreef word met behulp van maatskaplike programme, asook nasionale projekte, streekprojekte en takprojekte.

Om al bogenoemde doelwitte te bereik, word fisiese strukture in elke gemeenskap geskep en is fonds- en ondersteunerswerwing van uiterste belang om sodoende aan die gemeenskap toegang tot dienste en projekte te gee.

Tydens die Covid-19-tydperk het die noodsaaklikheid van sterk strukture in die maatskaplike domein weereens na vore gekom. Met dankbaarheid kan ons by Solidariteit Helpende Hand bevestig dat ons strukture gevestig is en goed funksioneer. Dit is wel ons uitgangspunt om nog sterker strukture te skep waardeur en waarmee die krag in gemeenskappe ontgin en gekanaliseer kan word tot volhoubare gemeenskapsontwikkeling. Deur die nodige strukture te skep, hulpbronne in plek te stel, netwerke te bou en fondswerwing te bevorder, kan ons die gemeenskappe beter bedien en ontwikkel, en spesifiek binne die geïdentifiseerde ankergemeenskapstrategie van die Solidariteit Beweging. Die Gemeenskapstrukture-afdeling gaan dus ons projekte en programme aanpak met 'n hernude fokus op die ontwikkeling van die nodige strukture, binne die raamwerk van maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling.

Die volgende werksaamhede word in die vooruitsigte gestel:

- Werwing van passievolle ondersteuners, verdere stigting van en ondersteuning aan nuwe en bestaande takke en dorpsverteenwoordigers;
- Bou van netwerkvennote en hulpbron-ontginning tot voordeel van die onderskeie gemeenskappe;
- Fondswerwing;
- Samewerking en ondersteuning aan maatskaplike werkers om uitvoering van ondersteuningsprogramme in gemeenskappe te bewerkstellig;
- Bevordering en versterking van gemeenskapstudiefondse; en
- Die skep van HOOP en 'n TOEKOMS deur die gemeenskapstrukture.

*Die Gemeenskapstrukture-afdeling gaan nog sterker strukture skep waardeur en waarmee die krag in gemeenskappe ontgin en gekanaliseer kan word tot volhoubare gemeenskapsontwikkeling.*

*Deur die nodige strukture te skep, hulpbronne in plek te stel, netwerke te bou en fondswerwing te bevorder, kan gemeenskappe beter bedien en ontwikkel word, wat aansluit by die ankergemeenskapstrategie van die Solidariteit Beweging.*

### 6.1.9. Solidariteit Helpende Hand-vrywilligers

'n Solidariteit Helpende Hand-vrywilliger is 'n persoon uit die gemeenskap wat hom- of haarself beskikbaar stel of wat aktief 'n taak, verantwoordelikheid of projek aanvaar sonder 'n beloning of vergoeding. 'n Helpende Hand-vrywilliger ontvang nie 'n salaris nie. 'n Vrywilliger is enige iemand wat sy tyd, hulp, kennis of kundigheid sonder vergoeding aanbied. Dit kan wees in reaksie op 'n versoek of deur die inisiatief te neem om self aan te klop.

Solidariteit Helpende Hand het ten doel om as deel van ons Gemeenskapsherstelplan 'n hernude fokus op die werwing, behoud en ondersteuning van vrywilligers te plaas. In die Covid-19-tydperk het die onskatbare ware van doelgerigte, doeltreffende vrywilligers weereens na vore gekom. Die riglyne vir vrywilligers ten opsigte van die organisasie se reëls, gedragskode en roltoedeling sal hersien en aangepas word om te verseker dat daar aan die organisasie en die vrywilliger se verwagtinge voldoen word.

*Hernude fokus sal op die werwing, behoud en ondersteuning van vrywilligers geplaas word.*

*Die riglyne vir vrywilligers sal hersien word om te verseker dat daar aan die organisasie en die vrywilliger se verwagtinge voldoen word.*

# 7. Ankergemeenskappe

*Benewens die mislukkende staat, sien ons hoe die demografiese meerderheid hul mag gebruik om minderhede se werk te vat, hul inkomste met buitensporige belastings en herverdelings te buit, hul instellings te koloniseer, hulle as kultuurgemeenskappe te probeer vernietig, hul geskiedenis te kriminaliseer, hulle taal en kultuur te vandaliseer, en hulle boonop te blameer vir alles en nog wat.*

*Flip Buys*

Uit die bogenoemde stelling van mnr. Flip Buys is dit duidelik dat 'n konsentrasiestrategie gevolg moet word as demografiese oplossing vir die Afrikaner, waarheen Afrikaners natuurlik her-migreer en waar die Solidariteit Beweging fokus om dienste en strukture te vestig.

Solidariteit Helpende Hand speel 'n besonderse groot rol in die vestiging van dienste en netwerke binne die konsentrasiestrategie van die Solidariteit Beweging. By monde van Flip Buys:

> *Om volhoubare Afrikanergemeenskappe waar gesonde welstand moontlik is, daar te stel, moet ons groter dink. Die kern van die saak is dat Afrikaners uit die lesse van die geskiedenis sal moet leer om volhoubaar te kan voortbestaan. As Afrikaners nie hul eie bestaansvraagstuk verstaan en hul strategie daarvolgens bepaal nie, het hulle nie 'n toekoms nie. Die Afrikaner is waar hy is omdat Afrikaners, om goeie redes, nog nooit hul bestaansvraagstuk vierkantig in die oë wou kyk en daarvolgens opgetree het nie. Dié gemeenskap het, eg menslik, nog altyd na makliker en vinniger en goedkoper oplossings gesoek. Die uiteinde daarvan was ongelukkig dat die Afrikaner in al hoe moeiliker en gevaarliker omstandighede beland het.*

## 7.1. Ankergemeenskapstrategie

Die Gemeenskapsherstelplan van Solidariteit Helpende Hand sluit die vestiging van selfstandige ankergemeenskappe in, waar gemeenskapslede se welstand deur fisiese, sosio-emosionele, kulturele en geestelike ondersteuning bevorder sal word sodat hulle vry, veilig en voorspoedig kan leef.

Solidariteit Helpende Hand gaan binne die ankergemeenskapstrategie toesien dat die volgende organisasies/instansies/dienste vir gemeenskapslede beskikbaar is, maar dit sal nie noodwendig deur Solidariteit Helpende Hand bestuur of gestig word nie.

- Kerke
- Tehuise vir ouer persone
- Tehuise vir die versorging van persone wat leef met gestremdhede
- Maatskaplike statutêre organisasie
- Kliniek – gesinsbeplanning en versorging
- Skole en kleuterskole

Daar word wel beoog om in **elke ankergemeenskap 'n gemeenskapsentrum** te vestig. 'n Gemeenskapsentrum is 'n gebou of 'n terrein wat hoofsaaklik gebruik word vir gemeenskapsdienste of aktiwiteite wat die fisiese, sosio-emosionele, kulturele en geestelike ondersteuning van persone binne die gemeenskap bevorder. Ons gemeenskapsentrums gaan moontlik op dieselfde perseel as Solidariteit, AfriForum en ander instellings van die Solidariteit Beweging wees.

'n Gemeenskapsentrum is die plek en hulpbron waar:

- inwoners kan ontmoet, veilige en aangename aktiwiteite kan bywoon of dit self kan organiseer;
- die gemeenskapsinteraksie bydra tot die ontwikkeling van 'n vriendelike, ondersteunende gemeenskap, waar ondersteuning veral in areas van belang aangebied word;
- die gemeenskap verhoudings kan bou en fokus op die bou van 'n gemeenskapsidentiteit; en
- professionele dienste aan die gemeenskap gelewer kan word.

Aan elke ankergemeenskap sal 'n **Ons Winkel** gekoppel wees, om 'n gemeenskapsentrum finansieel te ondersteun.

Verder word daar beplan dat elke gemeenskapsentrum die volgende dienste lewer, soos dit in die gemeenskap nodig mag wees en deur die navorsingstudie bepaal word.

- **Opleidingsfasiliteite (Ons Werkswinkel)** wat vaardigheidsontwikkeling en werkskepping sal bevorder.

- **Terapiesentrum (Ons Sentrum)**

  **Kernfunksies:**

  Terapeutiese dienste: Fokus op sosio-emosionele assesserings, spelterapie, bindingsterapie, ouerleiding aan ouers, asook interaksionele analise en ook terapeutiese dienste aan tieners.

  Spelterapie: Sluit egskeiding-, rou- en smartberaad en trauma-terapie, emosionele en kognitiewe regulering en hulp met sosiale vaardighede in.

  Ontspanning: Sportsoorte, kultuur- en vakansieprogramme.

  Seminare en ondersteuningsgroepe: Die aanbieding van huwelikseminare en opleiding om die gemeenskap se vaardighede op te skerp en persoonlike ontwikkeling te bevorder.

- **Kindersorgsentrum (Ons Plek):**

  **Kernfunksies:**

  Leerderondersteuning: Studielokale, rekenaarsentrum, toesig vir leerders met huiswerk. Ekstra tutorklasse, lees- en skryfklasse.

  Voeding: Om gesonde gebalanseerde middagetes en versnaperinge vier tot vyf dae per week te bied.

Ontspanning: Deur die bevordering van sportaktiwiteite, vakansieprogramme, boeresport, ens. asook om kulturele-aktiwiteite te bevorder deur drama, sang en optredes.

❖ **Lewensvaardigheid-ontwikkelingsentrum,** in noue samewerking met die terapiesentrum **(Ons Gesinsentrum):**

**Kernfunksies:**

Maatskaplike ondersteuning: Gesin-suksessentrums bied ondersteuning aan kinders, jeugdiges, gesinne, individue en gemeenskappe.

- Lewensvaardigheidsopleiding
- Ouerleiding
- Ouer-kind-bindingsterapie
- Verwysings na hulpbronne: Inligting- en verwysingsdienste (verband met openbare en private hulpbronne buite die terrein)

*Solidariteit Helpende Hand gaan binne die ankergemeenskapstrategie gemeenskapsentrums daarstel wat verskeie dienste en ontwikkelingsprogramme vir gemeenskapslede gaan bied, o.a. terapeutiese dienste, vaardigheidsontwikkeling en werkskeppingsgeleenthede.*

*'n Ons Plek sal aan elke ankergemeenskap gekoppel word, soos die navorsing of die behoefte van die gemeenskap dit uitwys.*

*'n Ons Winkel sal aan elke ankergemeenskap finansiële ondersteuning bied.*

## 8. Navorsing

*Enige maatskaplike vraagstuk, soos bv., armoede of maatskaplike wanfunksionering van mense, vereis kennis van hierdie vraagstukke, voordat 'n ondersoek begin oor hulpverleningsprosesse. Kennis is noodsaaklik oor wat verkeerd is, voordat beplanning begin hoe sake reg gemaak word. Dit gaan nie net oor die hulpverleningsproses nie; dit gaan ook oor deeglike kennis van 'n maatskaplike bestaansnood wat ontwikkel het.*

*Dr. Rina Venter*

Die maatskaplike bestaansnood wat tydens die koronapandemie ontwikkel het, is uitgelig in ons hulpverleningaansoekproses se statistieke. Die ekonomiese gevolge van die inperking het ons hulpaansoeke van gemiddeld 1 000 - 1 200 gesinne se aansoeke om hulp oor 'n tydperk van 6 maande in die verlede, met 1 733% laat groei na meer as 22 000 gesinne se hulpaansoeke gedurende 2020 se inperking oor die laaste 6 maande. Dié bestaansnood noodsaak ons om meer volhoubare oplossings te vind om ons mense te help, maar meer nog,

om hulle te help om hulleself te help. Daarom die nodigheid vir 'n Gemeenskapsherstelplan wat navorsing insluit om volhoubare oplossings vir ons maatskaplike kwessies te vind. Dit is dan vanselfsprekend dat Helpende Hand nou 'n interne navorsingsinstituut moet bou, om volhoubare oplossings vir belangrike, maatskaplike kwessies te vind.

Ons gaan dit op drie maniere aanpak:

- Eerstens deur 'n navorsingsinstituut te bou met interne en eksterne navorsers om studies te loods wat gemeenskappe se behoeftes en maatskaplike kwessies ondersoek.
- Tweedens stel dit ons in staat om kwaliteit navorsingsresultate aan die samelewing voor te hou om saam met ons die behoeftes van ons gemeenskappe aan te pak en volhoubare oplossings te vind.
- Laastens maak 'n getroue navorsingsinstituut dit moontlik om akademiese maatskaplike vraagstukke te beantwoord en as 'n kennisreservoir in gemeenskapsontwikkeling vir die nasionale ontwikkelingsarena voor te hou.

*Helpende Hand se navorsingsinstituut sal die maatskaplike verantwoordelikheid dra om, met hart, tot voordeel van die samelewing op te tree en d.m.v. die navorsingsresultate die maatskaplike doelwitte van die organisasie, in krag, te bevorder en volhoubare oplossings vir maatskaplike kwessies, tot hoop, vir die samelewing, te vind.*

## 9. Kommunikasie-afdeling

'n Wêreldwye krisis kan 'n organisasie verlam óf laat floreer. In die tyd van die pandemie het verskeie ondernemings hulself afgevra: "Wat moet ons doen om te oorleef?" Solidariteit Helpende Hand het egter hierdie krisis met volhoubare strukture en die beginsels van reg gee, met hoop aangepak.

Die Kommunikasie-afdeling bestaan tans uit twee afdelings, naamlik die kommunikasie- en bemarkingspan, asook die data-, werwing- en stelselspan. Die rol van die kommunikasie-afdeling is om Solidariteit Helpende Hand se handelsmerk te vestig, verskeie gemeenskapsgebaseerde dienste, projekte en programme te bemark, nuwe ondersteuners te werf en lojaliteit by bestaande ondersteuners te kweek. Doeltreffende kommunikasie is uiters noodsaaklik vir die vooruitgang van enige organisasie. Daarom bou ons positiewe verhoudings deur ons sosiale media en met ander mediaplatforms en fokus ons op opbouende, positiewe advertensies (reklame).

Die Kommunikasie-afdeling speel 'n deurslaggewende rol om die publiek in te lig dat Solidariteit Helpende Hand 'n pilaar van hoop in die gemeenskap is, deurdat alle finansiële skenkings verantwoordelik en deursigtig aangewend word vir die weldeurdagte projekte wat

gemeenskapsopheffing en -ontwikkeling tot gevolg het. 'n Groeiende ondersteunerstal verseker dat gemeenskapsgebaseerde ontwikkelingsprogramme en -projekte volhoubaar geïmplementeer kan word.

Fokuspunte vir Ons Gemeenskapsherstelplan:

- Ons Webblad:

Die webblad word herontwerp om meer verbruikersvriendelik te wees en die beeld van Helpende Hand met trots uit te dra. Dit sluit ook die e-mandaat in waar die publiek direk by Solidariteit Helpende Hand kan aansluit.

- Ons Stelsels:

Nuwe stelselprosesse word ingestel om dienslewering aan die ondersteuners te verbeter. Die datasekuriteit word ook opgeskerp deur die POPI-regulasies streng toe te pas.

- Nuwe toep:

Solidariteit Helpende Hand stel sy nuwe toep op IOS en Android Store bekend. Ons bring kommunikasie en nuus na ondersteuners d.m.v. hulle fone. Die Ons Winkel-aanlynwinkel word ook geskep en vorm deel van die toep, asook die e-mandaat. Lede sal deur middel van die toep ook kan deelneem aan ons aktiwiteite, gemeenskapsgebaseerde projekte en programme.

*Die Kommunikasie-afdeling dra die verantwoordelikheid om deur middel van vernuwing in die Stelsels en Helpende Hand se werksaamhede, geloofwaardig na die publiek uit te dra, die publiek voortdurend op hoogte te hou van nuwe en bestaande projekte en voortdurend ondersteunerbehoudsrategieë te uit te brei.*

## 9.1 Ons Projekte

Ons Projekte sal in die toekoms voortgaan om maatskaplikgebaseerde gemeenskaps-ontwikkeling te bevorder. Projekte sal in noue samewerking met Solidariteit Helpende Hand se maatskaplike werkers aangepak, ontwikkel en bevorder word, tot voordeel van die ontwikkeling, opleiding en wilsbeweging van gemeenskappe.

Solidariteit Helpende Hand het veral tydens die inperking tot die volgende twee gevolgtrekkings gekom, wat by elk projek in ag geneem moet word en bogenoemde stelling noodsaak:

- Die middelklas-Afrikaner verarm en gaan nog verdere maatskaplike uitdagings beleef.
- En daarom sal ons fokus al hoe meer na 'n holistiese beeld van 'n gesonde gemeenskap moet verskuif.

## Projekte vir kleuters / skoolgaande leerlinge

### 9.1.1. Stophonger-veldtog en kosblikkie-projek:

Solidariteit Helpende Hand se Kosblikkie-projek voed tans daagliks 8 000 honger kleuters. Die "kosblik" dien as 'n simbool van kleutervoeding en die projek. Die publiek se steun is broodnodig hiervoor en daarom is die Stophonger-veldtog in samewerking met Afrikaanse sangers van die Coleske Artist Management geskep.

Die Kosblikkie-projek se hooffokus is om te verseker dat instansies (kleuterskole, nasorg- en gemeenskapsentrums en laerskole) ondersteun word om aan behoeftige kinders die nodige voeding te kan gee. Sonder genoegsame voeding kan kleuters nie optimaal funksioneer en ontwikkel soos hulle moet nie, en dus kan hulle nie hul volle potensiaal bereik nie.

Daar word egter voorsien dat ná afloop van die grendeltydperk, nog meer instansies hulp gaan benodig met betrekking tot die Kosblikkie-projek en gevolglik moet die volgende aanpassings gemaak word:

Aanvullende voeding moet met die hulp van gemeenskappe aan die instansies gebied word, naamlik:

- Eiers (bestaande eierprojek)
- Meel
- Wildsvleis (HelpJag)

Bg. kan op 'n maandelikse/kwartaallikse basis aan skole versprei word.

Baie van die skole se getalle het ook weens verskeie redes drasties gedaal, soos ouers wat weens werkverliese of kortbetalings nie meer die finansiële kapasiteit het om kinders na veral 'n kleuterskool en/of naskoolsentrum te stuur nie. Daarom is dit noodsaaklik om ook aan hierdie ouergemeenskappe die nodige inligting/hulpbronne te verskaf om maatskaplike uitdagings aan te pak en op te los. Hiervoor is die noue samewerking tussen hierdie instansies en die streeksmaatskaplike werkers en streeksorganiseerders van groot waarde.

Solidariteit Helpende Hand gaan die Beyond Nutrition se maandpakke aan geïdentifiseerde skole stuur, as aanvullend tot etes. 'n Reuseskenking van Nutrilite se Little Bits-produk is ontvang en sal ook versprei word. Die produk verskaf 15 noodsaaklike vitamiene en minerale aan kinders van die ouderdom van ses maande tot vyf jaar. Sodoende ontvang die kinders die nodige vitamiene en minerale wat hul immuniteit versterk en voordelig is vir hul groei en optimale ontwikkeling.

*Die Kosblikkie-projek, in samewerking met die Stophonger-veldtog, voorsien daagliks 'n gesonde en gebalanseerde bord kos aan 8 000 kleuters landswyd. Met die Little Bits-produk ontvang die kinders die nodige vitamiene en minerale wat hul immuniteit versterk en voordelig is vir hul groei en ontwikkeling.*

*Noue samewerking tussen hierdie instansies en die streeksmaatskaplike werkers en streeksorganiseerders is van groot waarde om in hierdie gemeenskappe volhoubare verandering te bewerkstellig.*

### 9.1.2. Die HelpJag projek:

HelpJag is 'n nasionale projek ten bate van die Kosblikkie-projek se deelnemende skole en ander instansies soos ouetehuise, tehuise vir gestremdes en kerke. Dié projek steun op die vennootskappe met onder andere Bakkies Botha, Adam Tas, Appel, Wild en Jag, asook TriggerCam.

Die vleis wat ingesamel word, is aanvullend tot die finansiële hulp wat aan die Kosblikkie-skole gegee word.

Die publiek se ondersteuning met hierdie projek is noodsaaklik ten opsigte van vleisskenkings of finansiële bydraes.

Daar is verskeie inisiatiewe wat bydra tot finansiële skenkings.

### #RandPerKilogram-inisiatief

Die reëls en regulasies tydens die grendeltydperk het #HelpJag genoop om saam met sy drie ambassadeurs, asook Wild & Jag/Game & Hunt, die #RandPerKilogram-inisiatief van stapel te stuur: In plaas daarvan om self te gaan jag kon die publiek teen 'n bedrag van so min as R35 'n kilogram se wildsvleis skenk. Hierdie inisiatief gaan voortgesit word in die maande wanneer die jagseisoen verby is, om fondse vir die befondsing van die Kosblikkie-projek in te samel.

### Korporatiewe entiteite

Korporatiewe entiteite skenk 'n gedeelte van hul opbrengs aan HelpJag bv. Bakkies the Butcher se Veld tot Vurk-speserye, Appel se Ek is Jagter-klerereeks, TriggerCam se BSP-produk asook Wild & Jag se virtuele aanlynskou.

As gevolg van die beperkte kapasiteit wat sommige slaghuise ervaar, is die beplanning om die HelpJag-projek met behulp van borge uit te brei na 'n HelpJag-slaghuis om die verwerking van die vleis te doen. Dit kan ook die moontlikheid van werkskepping bevorder.

*Die HelpJag-projek is 'n aanvulling tot die Kosblikkie-projek, maar die potensiaal van hierdie projek is groot. Dit kan ook die moontlikheid van werkskepping bevorder.*

### 9.1.3. Die Skooltassie-projek:

Helpende Hand se nasionale Skooltassie-projek sit sedert 2007 'n tassie, met die nodige skryfbehoeftes, in 'n behoeftige graadeentjie se hand. Die projek se doel is om aan elke graadeentjie die geleentheid te gee om te kan leer en daardeur die geleentheid vir hom te skep om eendag gereed te wees vir die wêreld van werk.

*Die Skooltassie-projek het ten doel om 'n behoeftige graad 1-leerder toe te rus met die nodige skryfbehoeftes om sy skoolloopbaan op gelyke vlak met sy medeleerders te begin.*

## Projekte vir ouer persone:

Die volgende projekte het ten doel om ouer persone in hul leefwêreld te ondersteun en om hulle lewenskwaliteit te verbeter:

### 9.1.4. Die SKYN-projek

Dié projek poog om die finansiële volhoubaarheid van tehuise vir ouer persone te bevorder deur 'n besparing van tot 59% op die ligte-gedeelte van die elektrisiteitsrekening teweeg te bring. Ligte in die samewerkende tehuise word met energiebesparende LED-ligte van hoë kwaliteit vervang. Hierdie projek geskied in samewerking met AfriSon en Elme Churr.

*Die SKYN-projek se langtermyndoelwit is om die tehuise vir ouer persone in ons ankergemeenskappe te ondersteun deur meer groen inisiatiewe te loods om sodoende die bedryfskoste van tehuise te verlaag.*

### 9.1.5. Senior Mind Moves

In samewerking met Senior Mind Moves gaan Solidariteit Helpende Hand se maatskaplike werkers deur dr. Melodie de Jager opgelei word om die ouer persone se fisiese, geestelike en emosionele welstand 'n hupstoot te gee. Senior Mind Moves bevorder jeugdige en positiewe veroudering. Die maatskaplike werkers sal voorts die vrywilligers met 'n passie vir ouer persone oplei sodat die program in tehuise landswyd aangebied kan word.

*Senior Mind Moves is 'n professionele program wat in samewerking met die maatskaplike werkers aangebied gaan word.*

*'n Gids van kort aktiwiteite wat van toepassing is op ouer persone sal vir die vrywilliger-takke saamgestel word sodat positiewe aktiwiteite by tehuise aangebied kan word.*

### 9.1.6. Die HelpHoor-projek

Die HelpHoor-projek, in samewerking met Suné Ferreira, oudioloog van die Instituut vir Gehoor in Pretoria, is 'n deurlopende projek om behoeftige ouer persone van gehoorapparate te voorsien. Tweedehandse gehoorapparate word ingesamel, gediens en skoongemaak om weer vir die ouer persone gepas te word.

Daar is 'n landswye aanvraag vir gehoorapparate en daarom word daar beplan om hierdie projek in die toekoms in die ankergemeenskappe te dupliseer. Die betrokkenheid van oudioloë in die gemeenskappe is van kritieke belang vir die sukses van hierdie projek.

*Die HelpHoor-projek poog om gehoorapparate aan behoeftige ouer persone te voorsien en moet in die ankergemeenskappe uitgebrei word.*

### 9.1.7. Katarakchirurgie

Daar is 'n reusevraag na katarakchirurgie vir ouer persone, en die projek poog om jaarliks 40 behoeftige ouer persone van 'n gratis karatakverwydering te voorsien, soos in die afgelope twee jaar reeds gedoen is.

'n Vennootskap is met dr. Allison, die hoof van Vision 2020 by die Universiteit van Pretoria, gesluit. Dr. Allison se koste beloop slegs +- R5 000 per oog vir die operasie. Dit is 'n groot besparing aangesien die normale koste per oog meer as R20 000 beloop. Terselfdertyd word die operasie gebruik om studente van die universiteit op te lei.

Alhoewel daar mense is wat dit steeds nie kan bekostig nie, is daar baie mense wat met die hulp van familie en vriende die R5 000 kan insamel en geopereer kan word.

*Die projek bied 'n geleentheid vir ouer persone om katarakchirurgie teen 'n geringe koste te laat doen en sal op dieselfde basis met betrekking tot vennootskappe in die ankergemeenskappe uitgebrei word.*

### 9.1.8. Die Breinaald-projek

Die Breinaald-projek het vanjaar vroetelmoue vir demensie- en Alzheimer-lyers gebrei. Hierdie projek sal in die toekoms beslis op soortgelyke projekte toegespits word, waar die gemeenskap verantwoordelikheid neem om deur die Breinaald-projek ouer persone te betrek om te brei of om hulle van 'n nodige gebreide artikel te voorsien. Op hierdie wyse word daar 'n bydrae tot die gestruktureerde stimulering van ouer persone gemaak.

*Die Breinaald-projek sal in die toekoms fokus op projekte waar 'n gemeenskap verantwoordelikheid neem vir sy ouer persone, en wat lei tot gestruktureerde stimulering van ouer persone.*

## Projekte vir vroue:

### 9.1.9. FroueVonds

Die FroueVonds word met opset verkeerd gespel om aan te pas by ons leuse, "want alles loop nie altyd reg nie". Die FroueVonds inspireer vroue en skep 'n platform om hul suksesse, seerkry, bekommernisse en uitdagings te verwoord en met mekaar te deel.

Maandelikse rubrieke op *Maroela Media* sal voortgaan en aangepas word om in konteks vir vroue hoop en inspirasie te skep.

Hierdie projek se vennote en ambassadeurs is *Finesse*, Placecol, Demi-Lee Moore, Elma Mckenzie, Monique Steyn en Elme Churr.

### 9.1.10. Die Susanna Smit Studiefonds

By die FroueVonds se Susanna Smit Studiefonds glo ons dat enige vorm van tersiêre opleiding en kwalifikasies vroue in 'n beter posisie as vroeër plaas en dat maatskaplike uitdagings makliker hanteer kan word. Daarom is dit vir ons belangrik om 'n verdere pad met die skoolgaande dogters wat deur ons Help Hetta-projek ondersteun is, te stap. Die FroueVonds, deur die Susanna Smit Studiefonds, maak vir hierdie dogters tersiêre opleidingsgeleenthede moontlik.

Ons poog om die opleidingsgeleenthede in die vorm van gedeeltelike beurslenings te skep. Dit behels dat die dogters 50% as 'n beurs ontvang en 50% as 'n rentevrye studielening wat hulle begin terugbetaal sodra hul begin werk. Op hierdie wyse hou ons aan om aan die Susanna Smit Studiefonds te bou.

### 9.1.11. Samewerkingsooreenkomste en kommersiële been

Verskeie samewerkingsooreenkomste vir opleiding is al deur die FroueVonds-projek gesluit om hierdie projek kommersieel volhoubaar te maak. Vennootskappe gaan verder met vroue-entrepreneurs gesluit word om 'n ondersteuningsraamwerk te skep vir vroue wat oor die potensiaal beskik om as entrepreneurs te ontwikkel.

Die volgende instansies is reeds by opleiding betrokke en bied 'n verskeidenheid van kursusse aan:

| Instansie | Kursus |
|---|---|
| *Imbalie Beauty* | Kortkursusse in skoonheidsterapie |
| *Serwalo-haarakademie* | Haarkappery |
| *Susca Watts-akademie* | Besigheidsadministrasie |
| *Guvon-akademie* | Sjef-opleiding |

*Die FroueVonds, tesame met die Susanna Smit Studiefonds, sal voortaan vroue oplei en vennootskappe bou om in die toekoms baie meer vroue op hierdie manier by te staan.*

### 9.1.12. Die #HelpHetta-projek

Die #HelpHetta-projek voorsien sanitêre ware aan 3 000 behoeftige skoolgaande dogters wat om welke rede ook al nie hierdie produkte kan bekostig nie.

Covid-19 het ons egter gedwing om aan alternatiewe te dink om die dogters ook op 'n emosionele en geestelike basis te ondersteun. Uit navorsing wat in 2019/2020 onder die dogters gedoen is, het ons bepaal dat sekere onderwerpe by die dogters, soos by enige ander tienerdogters, onsekerhede en vrae ontlok. Aangesien Solidariteit Helpende Hand reeds toegang tot hierdie dogters het, kan ons maatskaplike werkers inhoud saamstel rakende hierdie onderwerpe. Inligting word via WhatsApp op 'n weeklikse basis aan die dogters gestuur. Hierdie inligting kan wel ook na ander tienerdogters wat die behoefte het, gestuur word.

*Die #HelpHetta-projek gaan op 'n holistiese wyse die behoeftes van die dogters aanspreek om hulle te ondersteun op hulle reis na gesonde vroue in die samelewing.*

### 9.1.13. Die Droomrokke-projek

Die DROOMROKKE-projek se doel is om die pad verder met hierdie dogters te stap. Demi-Lee Moore is die trotse ambassadeur van hierdie projek.

Indien 'n dogter wat in moeilike omstandighede leef, die moed het om haar skoolloopbaan te voltooi, wil die FroueVonds aan hierdie dogters die geleentheid bied om 'n pragtige matriekafskeidrok te kan bekostig. Die DROOMROKKE-projek is van stapel gestuur by 20 *Ons Winkels* regoor die land, waar pragtige, bekostigbare droomrokke vir die dogters beskikbaar is.

Hierdie DROOMROK-projek wil verder Solidariteit Helpende Hand se vrywilligers motiveer om by die dogters betrokke te raak deur met skoonheidsalonne te onderhandel vir verlaagde pryse om hul hare, grimering en naels vir die aand te doen. So ervaar die dogter dan die volle prentjie van mooi lyk.

In die toekoms wil ons verseker dat elke ankergemeenskap 'n DROOMROK-projek het en die plaaslike skole sal ook oor die projek in kennis gestel word.

*Die DROOMROK-projek wil die gemeenskap aanmoedig om hul aandrokke te skenk sodat dogters pragtige, bekostigbare rokke kan huur om enige geleentheid vir hulle onvergeetlik te maak.*

## Projekte vir persone met gestremdhede

Solidariteit Helpende Hand fokus op ons weerlose groepe, wat insluit persone wat met gestremdhede leef.

Dit verg spesiale kennis en vaardighede om met mense wat met gestremdhede leef, te werk. Om hierdie rede is dit nodig dat ons vrywilligers deurlopende opleiding ontvang om hierdie mense met die nodige respek en sensitiwiteit te kan hanteer.

Verder het skole en tehuise vir kinders/volwassenes met gestremdhede baie uitdagings, ook in terme van finansies. Helpende Hand gaan volhoubare manier vind om hierdie instansies te ondersteun.

*Solidariteit Helpende Hand gaan op 'n sinvolle, volhoubare wyse by persone met gestremdhede betrokke raak sodat hulle ook hul volle potensiaal as mens kan bereik.*

*Deurlopende opleiding aan vrywilligers word in die vooruitsig gestel.*

## 9.2. Helpende Kerke

Die rol van die kerk en die rol van die maatskaplike werker in die gemeenskap is verskillend. 'n Maatskaplike werker vervul nie dieselfde funksie as dié van 'n diaken nie. Die samewerking tussen die instellings is wel uiters belangrik.

Die Helpende Kerke Kongres het vir die eerste keer in 2019 plaasgevind om bogenoemde rolverdeling en samewerking te bespreek. Die reaksie daarop was uiters positief en baie samewerkingsooreenkomste is tussen kerke en gemeenskappe ontwikkel.

In die toekoms gaan Helpende Hand se vrywillige takke al hoe meer met kerke moet saamwerk om volhoubare gemeenskapontwikkeling te kan bewerkstellig. Kennis moet gedeel word om saam 'n sterker span te maak, wat sal lei tot volhoubare gemeenskapsontwikkeling.

*Solidariteit Helpende Hand kan nie die diakonale diens wat kerke binne hul gemeenskappe moet lewer vervang nie.*

*Die Helpende Kerke Kongres skep die platform om kennis ten opsigte van hulpbronne binne 'n gemeenskap te deel wat tot volhoubare gemeenskapsontwikkeling sal lei.*

## 9.3. Internasionale skakeling

Die Covid-19-pandemie het Suid-Afrikaners in die buiteland se belangstelling in die aktiwiteite van hul geboorteland sterk laat toeneem. Solidariteit Helpende Hand gaan in samewerking met die Solidariteit Beweging al ons inisiatiewe aan Suid-Afrikaners in die buiteland bemark om ons ondersteuningsbasis op hierdie wyse uit te brei.

*Die internasionale skakel met oud-Suid-Afrikaners moet verbreed word deur 'n strategiese kommunikasiestelsel, om sodoende hul kennis en hulp aan ons gemeenskappe op te bou en te behou.*

# 10. Die Studiefondssentrum-afdeling

Die Studiefondssentrum (SFS) het in 2009 as 'n inisiatief van Solidariteit Helpende Hand ontstaan met die doel om behoeftige jongmense op te hef deur hul tersiêre studies (finansieel) moontlik te maak. Die SFS is in 2015 formeel as die Helpende Hand Studietrust (HHST) geregistreer en die projek het oor die laaste 11 jaar 'n totaal van 6 280 behoeftige studente se studies met 'n totaal van R205 miljoen (Rapport Onderwysfonds (ROF) uitgesluit) moontlik gemaak.

'n Breë oorsig van die randwaarde van uitkerings (2008-2019)* sien soos volg daaruit:

| Rand-waarde | 2008-2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2019 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| SFS | R31 729 403 | R21 323 032 | R25 194 958 | R24 716 819 | R24 098 827 | R34 587 388 | R161 650 427 |
| ROF | R9 533 300 | R3 607 235 | R5 095 710 | R5 857 000 | R6 029 000 | R6 187 000 | R36 309 245 |
| Totaal | R31 729 403 | R24 930 267 | R30 290 668 | R30 573 819 | R30 127 827 | R40 774 388 | R197 959 672 |

*2020 se uitkerings, ROF uitgesluit, beloop R43,5 miljoen

### ❖ Betrokkenheid van leninghouers/studente

Studente is dikwels onbewus van die werksaamhede van Solidariteit Helpende Hand waardeur hulle bygestaan word, aangesien hulle ouers namens hulle vir studiehulp aansoek doen. SFS is dus daarvan oortuig dat jongmense geleer moet word om in hul eie gemeenskappe betrokke te wees en na die welstand van ander behoeftige kinders en ouer persone te help omsien.

SFS het toegang tot hierdie jongmense wat uit Gemeenskapstudiefondse en ander onafhanklike studiefondse bygestaan word met studiehulp. Daarom gaan ons eerste stap wees om die leninghouers van Solidariteit Helpende Hand-projekte van hul SHH-tak in hulle omgewing bewus te maak, en hulle ook te nooi om in te skakel waar dit vir hulle moontlik sal wees.

Tweedens kan hierdie studente (en voormalige studente) gevra word om ander jongmense in hulle vriendekringe/selgroepe/studiegroepe te nooi om:

- saam met hulle betrokke te raak in hulle gemeenskap; en
- ander jong Afrikaners wat swaarkry in hulle gemeenskap te identifiseer, sodat hulle ook ondersteun kan word.

### ❖ Terugploeg in hul gemeenskappe

Studente wat die geleentheid gebied is om hulleself te verbeter deur 'n kwalifikasie te verwerf en so selfversorgend te wees, kan terugploeg in hul gemeenskappe en in die lewens van ander jongmense. Dit kan gedoen word deurdat hulle na die voltooiing van hulle studies aangemoedig word om 'n verdere bydrae in die Helpende Hand Studietrust te begin maak. Jongmense kan bewus gemaak word van opheffing deur middel van opleiding en die konsep oordra aan ander jongmense en jonger broers en susters in hulle gesinne. Die belangrikheid van opleiding en om selfonderhoudend te wees, moet by die jongmense tuisgebring word deur voorbeelde van ander studente.

### ❖ 'n Tsoenami is op pad

Ons is baie dankbaar oor die groei van die HHST oor die laaste dekade, maar ons sien ook 'n groot golf van studiebehoefte oor die volgende tien jaar kom. Soos wat die finansiële druk op Afrikaners aan die een kant toeneem, bars die Solidariteit Beweging se opleidingsinisiatiewe uit hul nate. Sol-Tech, Akademia en Bo-Karoo Opleiding (BKO) gaan in die volgende tien jaar radikale groei toon.

Dit spreek vanself dat nie elke student wat deur Sol-Tech, Akademia of BKO studeer het of gaan studeer as hulpbehoewend geklassifiseer kan word nie, maar indien 'n mens van die veronderstelling uitgaan dat ongeveer 20% van die totale aantal studente wat deur hierdie instellings geprojekteer word, wel hulpbehoewend mag wees, sal 'n totaal van R180 miljoen per jaar teen 2030 gemobiliseer moet word om aan hierdie behoefte te voldoen.

### ❖ Verskuiwende fokus

Namate Sol-Tech en veral Akademia in die toekoms hul studierigtings uitbrei, sal ons die fokus by die SFS toenemend moet verskuif om ons eie studente by ons eie opleidingsinstellings te finansier, en sal ons die kriteria vir finansiering dienooreenkomstig moet aanpas.

> *Studente gaan nie net finansieel bygestaan word nie, maar hul betrokkenheid in gemeenskappe gaan aangemoedig en bevorder word.*
>
> *'n Toename in aansoeke word voorspel en daarvoor sal fondse gemobiliseer moet word.*

## 10.1. Die SFS se Gemeenskapsherstelplan: 'n Tienpuntplan vir 'n tienjaarplan

### ❖ Ontwikkel en verfyn HHST se platform

Die HHST se aansoekplatform gaan in 'n platform van wêreldgehalte ontwikkel word, waar studente met hul selfoon in die palm van hul hand kan aansoek doen vir studiehulp. Die stelsel moet ook tot 'n "slimstelsel" ontwikkel word wat outomaties (met 'n student se toestemming) die student in verbinding bring met ander inisiatiewe, byvoorbeeld met Solidariteit Jeug, om 'n loopbaankompas toets af te lê, met SFD vir 'n spaarplan/belegging of vir die opstel van 'n testament, met die beroepsgildes, asook sodat sekere finansiële inligting van studente/ouers outomaties en direk met die nasionale kredietburo's geverifieer kan word.

*Ontwikkel en verfyn die HHST-aansoekplatform en -databasis tot 'n slimstelsel van wêreldgehalte.*

### ❖ Brei uitvoerende bevoegdhede van HHST uit

Helpende Hand het van 2015-2018 hard gewerk om die Skoleondersteuningsentrum te ontwikkel tot waar dit vandag groot en belangrike skoene volstaan, en vanaf 2019 het dit 'n baie sterk maatskaplike fokus ontwikkel. Terwyl beide ontwikkelings broodnodig was, het die tyd aangebreek om op die ontwikkeling en groei van die HHST in eie reg te fokus.

*Brei die HHST uit tot 'n sterk, selfstandige gemeenskapsontwikkeling-instelling, onder die Solidariteit Helpende Hand-sambreel.*

### ❖ Brei invorderingskapasiteit van HHST uit

Die HHST se terugvorderings het die potensiaal om oor die volgende twee jaar tot R2,5 miljoen per maand te groei. Ons invorderingskapasiteit en -stelsel moet dienooreenkomstig aangepas en uitgebrei word.

*Die invorderingskapasiteit en -stelsel van die SFS moet aansienlik uitgebrei word. Die uitreik van state aan studente en donateurs moet ook geoutomatiseer word.*

### ❖ Brei bemarkingskapasiteit en begroting van die HHST uit

Die diens wat die HHST aan studente lewer, dra baie sentiment, maar meer stories moet vertel word van behoeftige studente wat bo hul moeilike maatskaplike omstandighede uitgestyg het. Hiervoor sal sosiale media, video's, veldtogte en mediaverklarings aangewend word.

*Die SFS het 'n dringende behoefte aan toegewyde bemarkings- en veldtogkapasiteit.*

### ❖ 'n Studiefonds per ankergemeenskap

Die HHST beoog om in lyn met die Solidariteit Beweging se ankergemeenskapstrategie 'n studiefonds vir elke ankergemeenskap stig. Waar daar reeds studiefondse in ankergemeenskappe bestaan, gaan dit uitgebou en versterk word. Maatskappye, trusts, en hoë LSM-donateurs in daardie ankergemeenskappe gaan genader word om daardie spesifieke studiefondse te help bou. Die maatskappye gaan daarna ook toegang tot ons talent hê om aan ons jong afgestudeerde studente werksgeleenthede en internskappe te bied. Die Sakeliga Sakekamer binne die ankergemeenskappe sal ook genader word om plaaslike studiefondse te ondersteun.

*Stig 'n studiefonds per ankergemeenskap; betrek die sakegemeenskap en professionele sakelui om dit uit te bou.*

### ❖ Strategiese vennootskappe

Die HHST se sukses oor die volgende tien jaar hang tot 'n groot mate af van strategiese vennootskappe met ander rolspelers, beide binne en buite die Solidariteit Beweging. Die fokus van hierdie strategiese vennootskappe sal eerstens binne die Solidariteit Beweging wees om vir studente 'n volle loopbaan en selfontwikkelende pad te help skep. Tweedens het dit ten doel om deur sterk netwerkvennote aan studente toegang tot die werkplek te gee, asook om terug te ploeg in die HHST in ruil vir belastingvoordele.

*Strategiese vennootskappe met interne en eksterne rolspelers gaan 'n sleutelrol speel in ons sukses oor die volgende tien jaar.*

❖ Bou testamentêre bemakings eksponensieel uit

Die HHST het oor die laaste 3-4 jaar ongeveer 40-50 testamente ingewin. Daar sal besonderse moeite gedoen word om op hierdie wyse verhoogde kapitale inkomste te genereer.

*Bou testamentêre bemakings uit.*

❖ Stel addisionele fonds-werwers/projekkoördineerders vir HHST aan

HHST stel dit in die vooruitsig dat addisionele fonds-werwers/projekbestuurders aangestel sal word per ankergemeenskap om bestaande studiefondse verder uit te bou, nuwes te stig en kapitaal te werf. Die fokus sal nie noodwendig nuwe studiefondse te wees nie, maar om wel annuïteitsinkomste en nuwe kapitaal te genereer.

*Stel 'n fonds-werwer per ankergemeenskap of streek vir HHST aan.*

❖ HHST se alumni-lede

Skep 'n alumni-vereniging waar afgestudeerde studente aangemoedig word om HHST te ondersteun, hetsy by wyse van 'n maandelikse bydrae of 'n testamentêre bemaking, en om verder by inisiatiewe van die breër Beweging betrokke te raak.

*Bind afgestudeerde studente by die HHST in en hou gereeld kontak met hulle.*

❖ Bou platform uit

Die Helpende Hand Studietrust (HHST) se uiteindelike doel is om in die lig van die Solidariteit Beweging se *2030-blyplan in 'n neutedop* homself te verbind om die waarde van HHST se platform teen 2030 tot R1 miljard uit te bou.

*Die platform gaan uitgebou word.*

# 11. Ons Winkels

Die Ons Winkel-groep bestaan tans uit 67 winkels landswyd. Ons Winkel se voetspoor is duidelik sigbaar en ons handelsmerk spreek vanself. By Ons Winkel word tweedehandse meubels, huisware en klere deur die publiek geskenk en dan verkoop. Ons Winkel kan 'n goeie, konstante inkomste bied vir aanwending in 'n spesifieke gemeenskap of gemeenskapsentrum. Die winste beloop tans R12,5 miljoen wat grootliks vir takke-/streek-/gemeenskapsprojekte of studiefondse vir jongmense aangewend word.

Die doel of fokus van Ons Winkels is:

- om sterk, volhoubare besighede oor die land heen te vestig;
- om geskenke, produkte of klere van gehalte teen bekostigbare pryse aan die publiek beskikbaar te stel;
- om goeie, volhoubare werk vir winkeleienaars en hulle personeel te skep;
- om veilige ruimtes vir donateurs te skep om skenkings van goeie gehalte aan Solidariteit Helpende Hand te maak; en
- om goeie produkte in kontant te omskep, wat 'n reusebydrae maak tot die volhoubaarheid van verskeie Solidariteit Helpende Hand-projekte.

Aksieplanne vir Ons Winkels

Ons Winkels gaan met hoop die toekoms in en ons glo dat ons deur Ons Winkels hoop vir ander skep. Deur die winkelstandaarde voortdurend te verhoog, bedien ons 'n groter mark en gaan ons ons doelwitte bereik deur die volgende aksies uit te voer:

- Voortdurende opleiding van Ons Winkel-eienaars om hulself te bemagtig en hul kreatiewe entrepreneurspotensiaal op te skerp. Hierdeur sal hulle hul bemarkings- en sosiale netwerke kan aktiveer en met meer selfvertroue met mense kan praat en gesels oor die winkel.
- Ons fokus op 'n nuwe verkoopspuntprogram vir die winkels, wat direk met hoofkantoor skakel en die prosesse meer vaartbelyn maak.
- Die aanstel van 'n areabestuurder wat die winkels op 'n meer gereelde basis kan diens en die winkelstandaarde opskerp.
- Die opening van nuwe winkels en die fokus op ankergemeenskappe waar daar nog nie 'n Ons Winkel is nie.
- Nuwe winkels skep die geleentheid vir nuwe werksmoontlikhede en fondse vir die streke.
- Die Aanlynwinkel wat bekend gestel is, se besoekers word elke dag meer en die verkope neem toe. Die veilingsgedeelde is baie gewild onder die winkels sowel as die kliënte.
- Solidariteit Helpende Hand gaan 'n kommersiële maatskappy stig waarin o.a. Ons Winkel bedryf gaan word. Die maatskappy word gestig sodat verseker kan word dat Solidariteit Helpende Hand se kommersiële aktiwiteite op 'n gesonde wyse bedryf kan word.

Vir Ons Winkels is dit belangrik om maatskaplike gemeenskapsontwikkeling op volhoubare wyses te bevorder.

**Die verskil wat Ons Winkels in gemeenskappe gaan maak, sluit die volgende in:**

- Werkskepping met die opening van nuwe winkels en instandhouding en groei van bestaande winkels.
- Prysverligting vir die publiek om meer bekostigbare produkte aan hulle beskikbaar te stel.
- Die winkeleienaar en takke vat hande en so raak beide meer betrokke by gemeenskapsontwikkeling.
- Ons Winkels lewer 'n noemenswaardige finansiële bydra tot die volhoubaarheid van Solidariteit Helpende Hand se projekte en afdelings.

Besoek gerus: https://helpendehand.co.za/ons-winkel/.

*Ons Winkels voorsien om voort te bou op die goeie werk wat reeds gedoen is. Ons Winkels voorsien en gaan nog groter finansiële bydraes tot die volhoubaarheid van SHH se projekte en afdelings maak.*

*Ons Winkels wil ook die gemeenskap op verskeie wyses bedien deur byvoorbeeld bekostigbare produkte te verkoop, maar wil ook gemeenskapsontwikkeling bevorder deur werkskepping en opleiding.*

## 12. Finansiële afdeling

Met die korona-pandemie is die hele wêreld se finansies geraak. Daar is geweldige spanning ten opsigte van finansies, beleggings en kontantvloei. Ons besef dat sommige individue finansiële krisisse beleef. Om dieselfde rede moes sommige organisasies hulle deure sluit, hoewel ander soos die Solidariteit Beweging met dankbaarheid met werksaamhede kan voortgaan.

Die finansiële afdeling dra die verantwoordelikheid om Solidariteit Helpende Hand finansieel gesond te bestuur sodat die nodige dienste en gemeenskapsontwikkeling in takke, streke en dan veral in ankergemeenskappe tot uitvoering gebring kan word.

Die feit dat Helpende Hand gedurende die grendeltydperk besluit het om sy "normale inkomstestroom" te beskerm deur nie onnodig uitgawes aan te gaan nie, maar eerder op die gemeenskap vir skenkings en donasies te steun, het tot gevolg gehad dat Helpende Hand nou kan voortgaan om sy visie vir gemeenskappe te bereik. Slegs fondse wat vanuit die Solidariteit Krisisfonds en ander skenkings ontvang is, is aangewend om die krisis aan te spreek.

Die finansiële afdeling het veral ten doel om die volgende aksies in die volgende tyd uit te voer:

- Dit is vir die finansiële afdeling van groot belang dat daar steeds voortaan slim en gefokus met ons ondersteuners se geld gewerk word, aangesien die krisis nie verby is nie.
- Weens gesonde finansiële bestuur oor 'n lang tydperk het ons 'n geloofwaardigheid by donateurs opgebou, waarop ons sal voortbou. Baie donateurs het ons juis tydens die krisistyd ondersteun met kapitaal, aangesien hulle vanuit vorige ervarings gesien het dat ons doen wat ons sê ons doen.
- Om te verseker dat ons ten alle tye ons finansiële verpligtinge teenoor Solidariteit Helpende Hand en dienste aan ons gemeenskappe kan nakom, moet ons ten alle tye 'n reserwefonds vir minstens ses maande beskikbaar hê. Dit is baie gerusstellend om in onsekere omstandighede steeds hierdie fonds as rugsteun te kan hê.

Die finansiële afdeling van Solidariteit Helpende Hand besef dat geen volhoubare gemeenskapsontwikkelingsplan sonder volhoubare finansiële hulpbronne kan geskied nie. Dit is om hierdie rede dat ons ons personeel en vrywilligers voortdurend ondersteun om finansieel verantwoordbaar op te tree. Op hierdie wyse dra ons by dat maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling 'n realiteit word in krag, met hart, tot hoop.

*Die finansiële afdeling dra die verantwoordelikheid om Solidariteit Helpende Hand finansieel gesond te bestuur, sodat die nodige dienste en gemeenskapsontwikkeling in takke, streke en dan veral in ankergemeenskappe tot uitvoering gebring kan word.*

## 13. Solidariteit

Solidariteit Helpende Hand se ontstaansrede was om lede van die Mynwerkersunie, die voorloper van Solidariteit, met maatskaplike dienste te ondersteun. In 1949 is Helpende Hand, binne die vakbond geformaliseer. In 2001 is Solidariteit Helpende Hand as eie instelling gestig. Sedertdien is daar steeds 'n noue band tussen die twee instellings. Covid-19 het werk egter weer onder druk geplaas en die noodsaak van nouer samewerking tussen Solidariteit en Solidariteit Helpende Hand is weereens bevestig.

- Solidariteitlede en -ondersteuners

Solidariteitlede en -ondersteuners word as volle mense gesien. Hulle is nie net ekonomiese produksiefaktore nie. Enige mens kan net betekenisvol werk as hulle totale welstand gesond is. Die mens se natuurlike toestand is om deel van 'n gemeenskap te wees. Elke Solidariteitlid staan ook binne die groter gemeenskap waarin hulle leef. Die Solidariteit Beweging se skakeling- en welstandafdeling by SHH het ten doel om na die welstand (binne al nege dimensies soos bo bespreek) van Solidariteit se lede om te sien sodat die lede maksimaal kan funksioneer, nie net by die werk nie, maar ook binne hulle gesinne en gemeenskappe.

Die uiteindelike doel van die afdeling is om die lid toe te rus sodat hy/sy self verantwoordelikheid sal neem vir sy/haar welstand deur veerkragtigheid te ontwikkel, en so ook ander persone in die gemeenskap toerus om optimaal te funksioneer.

## ➢ Die welstand van Solidariteitlede

In 'n studie oor die riglyne vir bevordering van welstand het die berader en psigometris Erika Hitze en die sielkundige, Izanette van Schalkwyk die welstandskonsepte, naamlik betekenis en veerkragtigheid, ondersoek. Hulle het waardevolle temas geïdentifiseer en aangedui dat bevoegdhede soos selfsorg, bewustheid, liefde, goedheid en selfdeernis noodsaaklik is vir die bevordering van welstand. Deur die bevordering van welstand tot op 'n vlak waar dit floreer kan persone net 'n blote bestaan verbysteek en 'n rykdom van lewenservaring ondervind.

Die Solidariteit Beweging se afdeling vir skakeling en welstand by SHH gaan sorg dat Solidariteit-lede die volgende ondersteuning ontvang:

- Daar sal gefokus word op die holistiese ondersteuning van Solidariteit-lede.
- Werknemers sal aangemoedig word om die werkgewer se personeel-ondersteuningsprogram te gebruik.
- Werknemers sal aangemoedig word om gebruik te maak van voordele op hul mediese fondse, insluitend psigiatriese voordele.
- Daar sal ook verwysings wees na die SHH se maatskaplike netwerk per dorp/streek
- Voedselhulp en ander ondersteuning, waar moontlik, sal verskaf word waar daar nood is as gevolg van afleggings, verkorte werksure en verminderde salarisse.
- Lede sal toegerus word om deur goeie kommunikasie en inligting veerkragtig te wees.
- Elke lid wat aansoek doen vir ondersteuning sal 'n digitale weergawe van die Hoopfiksgids, Geldfiksgids en weeklikse Helpende Kerke-opname ontvang.
- Projekte sal gekoördineer en gekommunikeer word sodat lede op hoogte gehou word van wat Solidariteit Helpende Hand nasionaal en in streke doen.
- Werksoekers sal in noue samewerking met die Solidariteit-strategie en -stelsels gereed gemaak word om aansoek te doen vir werk, en gehelp word om werk te vind.
- Veerkragtigheid by 'n werknemer sal gebou word in samewerking met die Solidariteit-strukture en -beroepsgildes.

- Solidariteitlede sal betrek word by Solidariteit Helpende Hand se gemeenskapaksies, hoofsaaklik binne die ankergemeenskappe, en ons sal op die volgende aspekte fokus:
  - Solidariteit-lede moet aktiewe en verantwoordelike persone (burgers) in die gemeenskap wees waar hulle woon en werk.
  - Deur betrokkenheid word netwerke gebou en nuwe vaardighede aangeleer wat tot werkskepping of 'n nuwe beroepsmoontlikhede vir gemeenskapslede kan lei.

Die ekonomiese gevolge van die inperking is sigbaar as daar gekyk word na die werkloosheidsyfers, verminderde inkomste en persone se bekommernis oor werksekerheid. Die emosionele spanning wat veroorsaak word deur die bogenoemde faktore is egter nie altyd sigbaar nie. Hierdie afdeling by Solidariteit Helpende Hand gaan 'n kardinale rol vervul om rolspelers te bly betrek om só Solidariteitlede by die werk en in die gemeenskap te ondersteun en te ontwikkel.

*Weens Solidariteit Helpende Hand se noue verbintenis met Solidariteit sal ons voortgaan en ook op 'n hernude gefokusde wyse fisiese, sosio-emosionele, kulturele en geestelike ondersteuning aan Solidariteit-lede en -ondersteuners bied.*

## 14. Samevatting

Solidariteit Helpende Hand is die pilaar van Hoop in die Afrikaner-gemeenskap, die instansie wat Met Hart, In Krag, Tot Hoop 'n uitweg sal gee deur ons strukture, en wat sal aanhou saai in ons gemeenskappe. Dit belangrikste fokus van Solidariteit Helpende Hand is om te verseker dat Helpende Hand se boodskap só oorgedra word dat ons mense 'n veilige tuiste sal vind om elke dag binne hul gemeenskap 'n verskil te kan maak.

# 100 punt Gemeenskapsherstelplan

## Maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling
## MET HART, IN KRAG, TOT HOOP.

1. Fokus op opheffing deur maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling.
2. Ons fokus op kwesbare groepe soos ouer persone, kinders, gesinne en persone met gestremdhede.
3. Ons Gemeenskapsherstelplan gaan op volhoubare voorkoming en verbreking van maatskaplike problematiek, deur opleiding, fokus.
4. Ons ontwikkelingsprogram fokus op "werksyn" eerder as welsyn.
5. Die plan gaan deel wees van die versnellende opbou. Ons wil die uitdagings trotseer. Ons sal self. Vir mekaar.
6. Ons plan is 'n versnelde agenda, ons versnelde drome, ons versnelde doelwitte. 'n Gemeenskap wat self werk en bydra en offer tot herstel.
7. Ons gaan steeds aan die kant van die gemeenskap wees en die gemeenskap help om gemeenskaphulpbronne te mobiliseer.
8. Die plan werk vanuit 'n Christelike grondslag. Dit beteken elke mens is uniek, geskape na God se beeld, en word geroep in God se koninkryk.
9. Hierdie roeping is nie individualisties of sosialisties nie, maar dui op 'n verbondenheid aan God en aan mekaar.
10. Om die eer van God voorop te stel beteken dat almal binne vermoë en gawes maksimale potensiaal bereik.
11. 'n Roepingsgedrewe personeel se rol is dus om die balans in die samelewing tussen die individu en die gemeenskap te fasiliteer, tot versterking van mekaar en tot doelgerigte gemeenskapsontwikkeling.
12. Ons wil deur maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling die ontwikkeling van die gemeenskap as geheel bevorder.
13. Die plan se doel is om die mens deur sy gemeenskap tot 'n ontwikkelde, selfstandige, selfverantwoordelike en optimaal funksionerende persoon te dryf.
14. Helpende Hand dryf dus die individu en gemeenskappe om hul ego-kragte en wilsbeweging tot aksie te laat oorgaan.
15. 'n Gemeenskapsgebaseerde ontwikkelingsplan word daargestel om ons gemeenskappe te mobiliseer om na die kovid-pandemie self te herstel.
16. 'n Volledige gemeenskap-analise/gemeenskapstudie moet prioriteit geniet.
17. Gemeenskappe se potensiaal en sterkpunte moet bevorder word en waardigheid moet ontwikkel word.
18. Gemeenskappe gaan deur middel van opleiding versterk word.
19. Ons gaan finansiële volhoubaarheid in gesinne bevorder.
20. Binne ons gemeenskappe gaan die fokus wees om entrepreneursdenke te ontwikkel.
21. Werkskeppingsgeleenthede gaan bevorder word deur opleiding en netwerkvennote te ontgin.
22. Ekologiese ontwikkeling gaan gestimuleer word vir die verbetering van lewensgehalte.
23. Vaardigheidsontwikkelingsprogramme gaan aangebied word.
24. Omgewing- en huishoudelike higiëne gaan bevorder word.
25. Verskeie maatskaplike ondersteuningsprogramme sal ontwikkel word.
26. Verhoudings met netwerkvennote o.a. die Solidariteit Beweging sal uitgebrei en versterk word, en so sal hulpbronne ook bekom word.
27. Professionele dienste van Ons Sentrum sal uitgebrei word om bekostigbare terapeutiese dienste aan kinders in die gemeenskappe te bied.
28. Bemagtig-'n-kind-fonds sal aangewend word om behoeftige kinders op 'n volhoubare manier te ondersteun en te bemagtig.
29. Die Maatskaplike Dienskantoor diens@helpendehand.co.za lewer vinnige en doeltreffende diens per e-pos.

### Ondersteuningsprogramme in die vooruitsig:

30. Ouerskapleiding en verrykende ouerprogramme
31. Entrepreneurskap en ondernemingsopleiding en -ontwikkeling
32. Werkskepping, programme wat fokus op persoonlike en vaardigheidsontwikkeling of versterking van vaardighede
33. Finansiële geletterdheidsprogramme
34. Landbouvaardighede
35. Maatskaplike opheffings- en opleidingsprogramme
36. Opvoedkundige opleiding
37. Tienerprogramme
38. Programme vir seuns wat nie 'n vaderfiguur het nie
39. Emosionele ondersteuningsprogramme
40. Ontwikkelingsprogramme vir senior burgers en persone met gestremdhede

### Gemeenskapstrukture

41. Ons gaan nog sterker strukture skep waardeur en waarmee die krag in gemeenskappe ontgin en gekanaliseer kan word tot volhoubare gemeenskapsontwikkeling.
42. Ons gemeenskaplike doel is om deur maatskaplike gemeenskapsgebaseerde ontwikkeling op die fisiese, sosio-emosionele, kulturele en geestelike ondersteuning van kwesbare groepe te fokus.

43 Die doel is om vrywilligers en personeel so te rig dat gesamentlike doelwitte nagestreef word met behulp van maatskaplike programme asook nasionale, streek- en takprojekte.

44 Die stigting van nuwe takke en die ondersteuning aan bestaande takke en dorpsverteenwoordigers sal voorrang geniet.

45 Deur die nodige strukture te skep, hulpbronne in plek te stel, netwerke te bou en fondswerwing te bevorder, kan gemeenskappe beter bedien word binne die ankergemeenskappe.

46 Bou van netwerkvennote en hulpbron-ontginning tot voordeel van die onderskeie gemeenskappe sal onderneem word.

47 Werwing van passievolle ondersteuners en fondswerwing sal deurlopend aandag geniet.

48 'n Hernude fokus sal op die werwing, behoud en ondersteuning van vrywilligers geplaas word.

49 Die riglyne vir vrywilligers sal hersien word om te verseker dat daar aan die organisasie en vrywilliger se verwagtinge voldoen word.

50 Werksaamhede sal deur die vier vlakke, nl. Hoofkantoor, Nasionaal, Streek en Tak, gestruktureerd uitgevoer word.

51 Gemeenskapstudiefondse sal bevorder en versterk word.

52 Fisiese gemeenskappe sal verder uitgebou en versterk word.

53 SHH gaan binne die ankergemeenskapstrategie toesien dat daar verskeie hulpbronne vir die gemeenskapslede beskikbaar is, maar sal dit nie noodwendig bestuur of stig nie.

54 Ons beoog om binne elke ankergemeenskap 'n gemeenskapsentrum daar te stel.

55 'n Ons Plek sal aan ŉ ankergemeenskap gekoppel word soos die behoefte of navorsing dit aantoon.

56 'n Ons Winkel sal binne ankergemeenskappe gevestig word.

## Navorsing

57 Ons navorsingsinstituut sal die verantwoordelikheid dra om deur navorsingsresultate die maatskaplike doelwitte van die organisasie te bevorder.

58 Die navorsingsresultate sal ons behulpsaam wees om volhoubare oplossings vir maatskaplike kwessies te vind.

## Kommunikasie

59 Solidariteit Helpende Hand se webblad word herontwerp om meer verbruikersvriendelik te wees en die beeld van Helpende Hand met trots uit te dra.

60 Met ons nuwe e-mandaat kan die publiek direk by Solidariteit Helpende Hand aansluit.

61 Nuwe stelselprosesse word daargestel om dienslewering aan die ondersteuners te verbeter.

62 Die datasekuriteit word opgeskerp deur die POPI-regulasies streng toe te pas.

63 Solidariteit Helpende Hand se nuwe toep op IOS en Android sal die nodige kommunikasie en nuus na ondersteuners versprei deur middel van hulle fone.

64 Die strategie vir ondersteunersbehoud, kommunikasie, bemarking en werwing word hernu en deur ons stelsels toegepas.

65 Ons Projekte sal in die toekoms voortgaan om maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling te bevorder.

66 Projekte se fokus moet al hoe meer na 'n holistiese beeld van 'n gesonde gemeenskap verskuif.

## Projekte vir kleuters of skoolgaande leerlinge

67 Met die Little Bits-produk ontvang die Kosblikkie-skole se kinders die nodige vitamiene en minerale wat hul immuniteit versterk en voordelig is vir hul groei en ontwikkeling.

68 Noue samewerking tussen kleuterskole/naskoolsentrums en die streeksmaatskaplike werkers en streeksorganiseerders is van groot waarde om in hierdie gemeenskappe volhoubare verandering te bring.

69 Die HelpJag-projek is aanvullend tot die Kosblikkie-projek met die moontlikheid om werkskepping te bevorder.

70 Die Skooltassie-projek het ten doel om 'n behoeftige graad 1-leerder toe te rus met die nodige skryfbehoeftes om sy skoolloopbaan op 'n gelyke vlak met ander leerders te begin.

## Projekte vir ouer persone

71 Die SKYN-projek se langtermyndoelwit is om tehuise in ons ankergemeenskappe te ondersteun deur die bedryfkoste van tehuise te verminder.

72 Senior Mind Moves is 'n professionele program wat in samewerking met die maatskaplike werkers aangebied gaan word om bejaardes se fisiese, geestelike en emosionele behoeftes aan te pak.

73 Die HelpHoor-projek poog om gehoorapparate aan behoeftige ouer persone te voorsien en moet in die ankergemeenskappe uitgebrei word.

74 Die katarakchirurgieprojek bied 'n geleentheid vir ouer persone om teen geringe koste die nodige chirurgie te laat doen.

75 Die Breinaald-projek sal in die toekoms fokus op projekte waar die gemeenskap verantwoordelikheid neem vir gestruktureerde stimulering van ouer persone.

## Projekte vir vroue

76 Die FroueVonds, tesame met die Susanna Smit Studiefonds, sal vroue oplei en vennootskappe bou om in die toekoms baie meer vroue die geleentheid tot optimale ontwikkeling te bied.

77 Die FroueVonds wil deur 'n kommersiële been en entrepreneurskap-inisiatiewe werksgeleenthede vir vroue skep

78 Die #HelpHetta-projek gaan op 'n holistiese wyse die behoeftes van die dogters aanspreek om hulle te ondersteun in hul reis na gesonde vroue in die samelewing.

79 Die DROOMROK-projek moedig gemeenskappe aan om aandrokke te skenk, om op 'n bekostigbare wyse geleenthede vir dogters te bied.

## Projekte vir persone met gestremdhede:

80 Die plan gaan daarop fokus om persone met gestremdhede te ondersteun om hulle volle potensiaal as mens binne die gemeenskap te bereik.

81 Deurlopende opleiding van vrywilligers word in hierdie verband in die vooruitsig gestel.

## Vennootskappe en skakeling

82 Die HelpendeKerke-projek poog om samewerking tussen die kerk en die gemeenskap te bevorder.

83 Die Helpende Kerke Kongres skep die platform om kennis ten opsigte van hulpbronne binne 'n gemeenskap te deel wat tot volhoubare gemeenskapsontwikkeling sal lei.

84 Die internasionale skakeling met oud-Suid-Afrikaners gaan deur strategiese kommunikasiestelsels verbreed word.

## Die Studiefondssentrum

85 Studente se betrokkenheid in gemeenskappe gaan aangemoedig en bevorder word.

86 Daar sal gepoog word om nuwe fondse te mobiliseer om vir 'n toename in aansoeke voorsiening te maak.

87 Die HHST-aansoekplatform (Studiefondstrust) en databasis gaan tot 'n wêreldgehalte-slimstelsel ontwikkel en verfyn word.

88 Die HHST (Studiefondstrust) gaan uitgebrei word tot 'n sterk, selfstandige, gemeenskapsontwikkelingsinstelling onder die Solidariteit Helpende Hand-sambreel.

89 Die invorderingskapasiteit en -stelsel van die SFS gaan uitgebrei word.

90 Die SFS se bemarkings- en kommunikasiestrategie gaan aangepas word om ankergemeenskappe te dien.

91 Daar word beplan om 'n studiefonds per ankergemeenskap te stig, en die sakegemeenskap en professionele sakelui te betrek om dit uit te bou.

92 Strategiese vennootskappe met interne en eksterne rolspelers in ons ankergemeenskappe gaan 'n sleutelrol speel in ons sukses oor die volgende tien jaar.

93 Testamentêre bemakings gaan uitgebou word.

94 Daar word beplan om meer fondswerwers aan te stel.

95 Afgestudeerde studente en lojale ondersteuners van HH gaan by HHST ingebind word.

## Ons Winkels

96 Ons Winkels gaan voortbou om 'n groter finansiële bydrae tot die volhoubaarheid van SHH se projekte en afdelings maak.

97 Ons Winkels wil ook die gemeenskap bedien deur bekostigbare produkte te verkoop, en deur werkskepping en opleidingsgeleenthede te skep.

98 Aanlynwinkel vir ons winkels word gebruik om bekostigbare, unieke items te bemark.

## Finansies

99 Die finansiële afdeling dra die verantwoordelikheid om Solidariteit Helpende Hand finansieel gesond te bestuur sodat die nodige dienste en gemeenskapsontwikkeling in streke en veral in ankergemeenskappe tot uitvoering gebring kan word.

## Solidariteit

100 Weens Solidariteit Helpende Hand se noue verbintenis met Solidariteit sal ons voortgaan en ook op 'n hernude gefokusde wyse fisiese, sosio-emosionele, kulturele
en geestelike ondersteuning aan Solidariteit-lede en -ondersteuners bied.